# Vrye Weekblad

3 - 9 MEI 1991 PRYS:R1,50 (R1,33 + 17C AVB)




# GAAN DIE NUWE SA IN VLAMME OP?

*FW de Klerk se uur van waarheid breek aan*

Die bakleierige oubaas, Luthuli en Mandela ● SA Universiteite vandag en môre ● SA kreun swaar onder druk van vullis ● Two short stories ● Kerkorrel soek musiek met balls ● Africa's hypocrisy on South Africa ● Apartheid tref Afrikaners die swaarste ● Hugh Masekela is magic

# INHOUD


| | |
|---|---|
| 5 | Politieke waarheid breek aan vir FW de Klerk |
| 6 | Geweld: die wrang vrugte van 'n ou beleid |
| 8 | Ter suide |
| 9 | Krisis in SARK kring uit |
| 10 | Foto's: die wêreld se beste |
| 11 | Mandela by Tuks: 'n herhaling van die geskiedenis |
| 12 | Universiteite: People's Education en die UWK |
| 14 | Besoedeling lê Suid-Afrika lam |
| 15 | Architecture: Urban but not urbane |
| 16 | 17 000 Jode in lewensgevaar |
| 17 | Iere skepties oor die toekoms |
| 18 | Dié week se TV-programme |
| 19 | Elmari Rautenbach oor dié week se TV |
| 20 | Tinus Horn se sportrubriek |
| 21 | Moenie Natal nou afskryf nie |
| 22 | Two short stories by Maureen Isaacson |
| 23 | Boeke |
| 24 | Kerkorrel, ovaries en balls |
| 25 | Hugh Masekela het Audrey Brown in ekstase |
| 26 | Kleinadvertensies |
| 28 | Egbertus Klaagvoort<br>A challenge from the South by Baffour Ankomah |
| 29 | Lospraatjies deur Fanie Olivier<br>Geloofspraatjies deur Bernard Lategan |
| 30 | Beplan jou naweek saam met die kenners |



VWB
NUUSTYDSKRIF

VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06).
WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113.
DIE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

**REDAKTEUR:** MAX DU PREEZ
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** HENNIE SERFONTEIN
**KOPIEREDAKTEUR:** JOHAN BRUWER
**ONTWERP:** ANTON SASSENBERG
**EINDREDAKTEUR:** RYK HATTINGH
**KAAPSE KANTOOR:** CHRISTELLE TERREBLANCHE
**REDAKSIE:** CHRISTELLE DE JAGER (OMGEWINGSAKE), AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPLE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PHINEUS TSHUKUDU.
**FOTOREDAKTEUR:** LISE BEYERS
**SPORTREDAKTEUR:** TINUS HORN
**ADVERTENSIES:** JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER
**REDAKSIE-ASSISTENT:** CATHY FENNESSY
**KANTOORBESTUUR:** JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.
**ONTVANGS:** PEPPY MARIPAN

**BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK:** MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.
VRYE WEEKBLAD KOS R1,33 PLUS 17 SENT AVB. DIT KOS R75 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDSKRIF R1,50 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.
PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN CATHY FENNESSY BY (011) 836 2151.



# *vrydagoggend*

Min mense in Suid-Afrika of elders in die wêreld twyfel daaraan dat swart Suid-Afrikaners bitter swaar gekry het onder apartheid. Dié swaarkry is steeds rondom ons sigbaar en sal seker tyd kos om heeltemal ongedaan gemaak te word.

Maar min mense sit ooit terug en wonder wat die skade is wat apartheid aan die skeppers daarvan, die Afrikaners, gedoen het.

Nou praat ons nie van "afsonderlikheid" of praktiese segregasie nie, want daarvan was die Afrikaner beslis nie die uitvinder in Suid-Afrika nie. Ons praat van apartheid die ideologie, die dogma.

'n Paar gebeure die laaste week het my weer erg onder die indruk gebring van die verskriklike invloed wat apartheid op Afrikaners gehad het. Miskien kyk ons eendag terug en besef dié skade was geestelik gesproke groter as die skade aan swartmense. Verlede Sondagaand was daar 'n dokumentêr oor Suid-Afrika op Nederlandse televisie. Aan die woord was 'n bebaarde AWB-man van De Aar wat vertel het dat hy 'n kenner is van die volkekunde. Adam was 'n witman, sê die Bybel, en swartmense is dus nie mense nie. Daar is 36 verskille tussen swart-


MAX DU PREEZ

mense en blanke rasse. Op kamera roep hy sy swart tuinier nader: "Frans, kom wys jou klein oortjies en plat neus vir die baas. Sien jy, sy ore en neus is meer soos dié van 'n gorilla as van 'n mens." Die man wys sy rewolwer, wat hy altyd met hom saamdra, met groot machovertoon aan die kamera en sê: "Hiermee sal ons De Aar en Suid-Afrika wit hou." Hy vertel trots hoe De Aar se swembad vandag nog vir witmense alleen toeganklik is, "want ons dwing dit met geweld af".

In die volgende toneel ry hy op 'n grondpad met sy bakkie met sy gewere langs hom - op pad Orania toe. Die ANC het besluit om die hele Orania in die lug te blaas, vertel hy aan die kamera, en hy is opgeroep om die plek te gaan beskerm. Gelukkig skiet Boere beter as kaffers, en solank hy en sy kamerade daar is, is Orania veilig.

Die tweede voorval wat my laat dink het, is die skurkagtige optrede van die regse Tukkies teenoor Nelson Mandela. Dom en brutaal; 'n manier van optree wat 'n mens kwalik by 'n inrigting vir tersiêre opleiding verwag.

Die derde was 'n artikel oor pedofilie, kindermishandeling, selfmoord en gesinsmoorde met die strekking dat dit meer onder Afrikaners voorkom as onder enige ander bevolkingsgroep in ons land. Dit geld waarskynlik in 'n mindere mate ook vroueslanery en egskeiding. Wat gesinsmoorde betref, hou Afrikaners die wêreldrekord.

Die uiteindelike beeld wat 'n mens kry van die deursnee Afrikaner is dat hy/sy 'n uiters getraumatiseerde, bevreesde, vereensaamde en verwarde mens geword het.

As 'n mens aanvaar dat gedrag nie geneties veroorsaak word of oordraagbaar is nie, moet 'n mens aanvaar dat iets in die geskiedenis dié soort kollektiewe gedrag

# *briewe*

## LOTS TO READ, EVEN FOR US ENGELSMANNE

**Daphne Withers of Bellevue East writes:**

Thanks are due to Ms Pikeur for her encouraging advice to those who are inclined for whichever of the reasons she lists, to eat alone.

There I was at 2am, my kitchen not even remotely as stocked as is Ms Pikeur's, nor her friend's, the one who prefers her wholewheat bread with cheddar and achar. But inbetween the lines all about how good I should feel about eating alone, I read that I should feel differently about hunger in general. So there I was, serving up lashings of mushrooms with onions and settling into a decent read for the inducement of pleasant dreams. Thought I'd take this opportunity to say how much I enjoy the newlook VWB. Lots to read, even for us Engelsmanne.

## THERAPISTS AND SEX

**Clara Ferreira from the Citizens Commission on Human Rights writes:**

I refer to an article in the *Daily News* newspaper in Durban (13 April 1991) entitled "Sex with surgery common says doctor" which revealed that therapists are admitting to having sex with their patients.

The shocking arrogance of Dr Bernard Levinson's casual admission - "sure, it happens all the time" - is indicative of the low responsibility level (or lack of any responsibility at all) of such psycotherapists. In actuality, these people are guilty of breach of trust when they exploit those who have come to them for help. If these therapists really had their patients' well-being at heart, no amount of temptation would cause them to give in to their own self-centred needs. In fact, such acts of sexual assault are rape, pure and simple.

But such rapists are worse than the rapists in the street because the therapist is treating an unsuspecting individual who is paying money to be assisted with her problems, dropping all her defences in the hope that the therapist might be able to help her to restore feelings of confidence, dignity and self-respect.

The Citizens Commission on Human Rights (CCHR), a volunteer organization established by the Church of Scientology to investigate and expose psychiatric violations of human rights, is interested in helping any victims of "hungry" therapists who would like to bring criminal or civil charges against their therapists.

If you have been subjected to sexual or other abuse by a psychiatrist or therapist, please write to CCHR at PO Box 710, Johannesburg, 2000.

(Letter shortened - Ed)

## SUPPORT FOR STOREY

**Rev Frank Chikane, General Secretary of the SACC, writes:**

It is an encouraging development that the magistrate presiding when the Reverend Alan Storey appeared in court on April 16 told the accused that he was postponing the case until June 17 while the decision was made as to whether to pursue the prosecution. The magistrate was responding to a request for a postponement made by the Prosecuter, apparently on the instructions of the Attorney General of the Transvaal.

We call on the Attorney General to let reason prevail and to drop the charges of refusing to serve in the South African Defence Force (SADF) which have been raised against the Reverend Alan Storey.

We support the Rev Storey's stand as a Christian pacifist, opting for non-violence as the only true way to bring peace to our strife-torn country. We hope that others will be heartened and follow his example in choosing to address the problems of our country through non-violent means.

Individuals have to take a stand against the ongoing cycle of violence which is wreaking havoc in our land. We commend the Rev Storey for his display of courage and his commitment to building a new South Africa on the basis of peace, love and unity.

We call on President FW de Klerk firstly to ensure that the State will no longer prosecute those who refuse as a matter of conscience to serve in the SADF. We call on the President, secondly, to abolish the system of conscription once and for all.

The facts that the courts are displaying what we interpret as a reluctance to prosecute the Rev Storey highlights the dilemma the courts face when when

veroorsaak het.
'n Mens kan seker argumenteer dat die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog en die sosio-ekonomiese probleme wat daaruit gespruit het, sterk invloede op die Afrikaner gehad het. Maar dit was darem geslagte gelede en intussen het die Afrikaner oorgenoeg politieke en ekonomiese mag bekom om daarvoor te vergoed. In elk geval, dié soort swaarkry kan nie die soort euwels veroorsaak wat ons vandag onder Afrikaners sien nie.
Ek glo die wortel van vandag se probleme lê by die soort Afrikaner-arrogansie en xenofobie wat onder die leiding van die Afrikaner-Broederbond begin het en lustig deur die Nasionale Party en sy verskillende filiale soos die SAUK, die koerante van die Nasionale Pers en Perskor, die FAK en die onderwysstelsel uitgebrei is. Ná 1948 het dit natuurlik veel erger geword en onder Verwoerd en Vorster 'n laagtepunt bereik.
Die Afrikaner was almagtig. Suid-Afrika was sy land, die ander inwoners was besoekers. Die Afrikaner-kultuur het alles oorheers. Nie-Afrikaners is stelselmatig uit alle goeie posisies in die staatsdiens, die diplomatieke diens, die weermag en die uitsaaiwese verwyder en deur Broederbonders vervang. Vir 'n lang tyd was lidmaatskap van die AB byna 'n voorvereiste vir 'n aanstelling as 'n regter of 'n professor aan 'n Afrikaanse universiteit.
Die Afrikaanse kerke, veral die NG Kerk, het self 'n leidende rol hierin gespeel - selfs 'n meer sinistere een, want die hele idee van die Afrikaner as die uitverkore volk en die Bybelse regverdiging vir apartheid het van die NG teoloë gekom.
Daarby is die Afrikaner daagliks stewige dosisse Victorianisme, militante Calvinisme en patriargisme ingevoer.
Afrikaner-nasionalisme het alle lae van die nasionale lewe van Suid-Afrika binnegedring. Die Afrikaner-patriarg was onaantasbaar; die Baas van alles. Deur die jare het die boer, die huisvrou, die voorman, die mynwerker, die stoker, die poskantoorklerk, die sakeman - en al dié mense se kinders - daaraan gewoond geraak dat swartmense minderwaardige skepsels is; dat hulle daar is om ge-kaffer en ge-meid en gebooi en gejy en gejou te word. Hulle moes passe dra wat deur die wit baas geteken moes word, en hulle moes in lokasies en in strooise bly.
Niemand, nie die mees piëtistiese dominee of onskuldige moeder van nege nie, het regtig ooit die twak geglo wat uit die monde van die Hendrik Verwoerds en die Koot Vorsters gevloei het oor "afsonderlik maar gelyk" nie, of dat die tuislande 'n regverdige oplossing wás nie. Almal het in hul binneste geweet apartheid beteken kaffers is half-mense en die Boere regeer hulle met 'n ysterhand. Bantoe-onderwys en die afdwing van Afrikaans het hieruit gevloei.
Dié arrogansie het uiteindelik gelei tot militêre aggressie. Die Afrikaner is so almagtig, g'n niemand in Afrika kan hom aanval nie. Om dit vol te hou, moes die brandende gevare van die Kommunistiese aanslag en later die totale aanslag aan die gang gehou word. John Vorster en PW Botha was uiteindelik die kulminasie van dié valse meerderwaardigheidsin wat die Afrikaner se minderwaardigheidskompleks net-net bedek het. Eugene TerreBlanche en Andries Treurnicht is vandag nog die karikature daarvan, hoewel 'n goeie skoot daarvan vandag nog kleef aan die Magnus Malans en senior burokrate, selfs aan FW de Klerk en sy binnekring.
Al dié faktore het beteken dat die Afrikaner soos 'n eilandjie in 'n see van vyandiggesindheid in sy eie land begin lewe het en die mees gehate bevolkingsgroep terwêreld geword het. Interne opstand en wêreldwye sanksies en isolasie was die gevolge.
En die Afrikaner was aangewese op homself alleen; al wat hy kon doen was om selfs meer in homself te keer. Skielik, teen die einde van die PW Botha-era, het dit alles ineengestort. Wit Suid-Afrika met al sy swart kolle het skielik een Suid-Afrika geword; wit, swart en bruin het ná al die eeue skielik een nasie moes word. Swartmense het skielik gelykes geword; die Rooi Gevaar was skielik elke aand op TV.
Enige groep enige plek ter wêreld sou ernstige probleme gehad het om dit in so 'n kort tyd te kan hanteer.

## SO SÊ HULLE

"Die dood van Rudolf laat 'n vraagteken oor die spanning wat jong mense vandag beleef. Deur die Weermag en in die voortslepende onluste het lewe en dood 'n gebruiksartikel geword waarmee op 'n vreemde wyse omgegaan word."

*'n Verklaring deur die Bosboff-familie ná hul seun se selfmoord.*

"In the present climate, Britain cannot put its total trust in De Klerk. We still have a critical and constructive role to play in providing a safeguard for the blacks - after they have abandoned the armed struggle and have no sanctions to support them - to ensure they are not once again sold down the river."

*Anthony Sampson in the Observer.*

"Maandag se gebeure was 'n skande en ek is skaam om te sê dat ek 'n student aan die Universiteit van Pretoria is. Elke mens, ongeag sy politieke oortuiging, het die reg tot vryheid van spraak en die vryheid om te luister na wat ander te sê het."

*GEA van Wyk oor die Mandela-voorval by UP in 'n brief aan Beeld*

"We are no longer satisfied in getting the crumbs in this country or being given a loaf by De Klerk - we want the whole bakery to feed our people."

*Marcel Golding, National Union of Mineworkers assistent General Secretary, during a May Day rally in Welkom.*

conscription is still in force, yet the President is advocating negotiated, peaceful channels to resolve South Africa's problems. The President should demonstrate the seriousness of his commitment to non-violence by relegating the system of conscription to the dustbin of practices which are no longer acceptable in the building of the new South Africa.

### OU LAAI

**J Francois Bester van Die Wilgers skryf:**
Ek verwys na die knaende en vergesogte uitlatings betreffende die SAP en die Veiligheidstak se integriteit deur ene Dirk Coetzee, 'n minderwaardige blanke man waarvan verdere besonderhede aan die skrywer onbekend is.
Ek laat my nie vertel dat die BSB absoluut geen positiewe bydrae gelewer het nie. Die opofferings deur hulle families word blykbaar ook nie erken nie. Net die negatiewe word uitgelig, maar dit is mos ons boere se ou laai.
(Brief ingrypend verkort - Red)

### WEES NEDERIG EN DIEN


**Maretha Laubscher van Johannesburg skryf 'n Ope Brief aan André du Toit:**
Jou Ope Brief in *Die Suid-Afrikaan* van April/Mei 1991 gaan waarskynlik veel reaksie in die pers uitlok. Die meeste daarvan sal in die trant wees van VWB se hoofartikel van 18 April 1991.
Dink maar aan die Rustenburg-beraad en die reaksie in die pers op Nico Smith se bevraagtekening van Willie Jonker se belydenis. Op pad na die nuwe Suid-Afrika word mense soos jy wat wil deurdring tot die wese van belydenisaflegging (die "tjoef-tjaf" kom en sê "Sorry, dit was alles 'n ligte mistykie") skynbaar nie geduld nie. Inteendeel, hulle word dikwels as die stok in die wiel uitgekryt.
Twee dinge is vir my opvallend in die skuldbelydenisse deesdae: die openbare trompetgeskal daarmee saam en die tydsberekening. Het akademici se openbare belydenisse in die jare negentig nog enige sin anders as om hul gewetens te laaf, wanneer dit saamval met huisvroue se veranderde politieke sienings op Radio 702?
Vir my lyk dit alte veel of die skuldbelydendes die gevaar loop om pionne te word wat onwetend rondgeskuif word in die koalisie tussen die NGK en die staat.
Waarom roep die bewindhebbers byvoorbeeld apartheid vaarwel toe? Is die regering op sy knieë uit nederigheid en menslikheid soos hy wil voorgee van agter die belydendes se rokspante, of is dit noodweer teen die klap van die sanksiesweep? Naïewe, goedbedoelde bekentenisse word maklik in die magspel deur geslepe en slinkse spelers vir eie gewin uitgebuit.
Aan skuldbelydendes oor die algemeen: laat vaar maar die tranerigheid en selfbejammerende erkentenisse van verandering in die openbaar (en die gewag op die daaropvolgende applous - dis 'n groottentbekeringseuforie waarsonder ons in die nuwe Suid-Afrika kan klaarkom. Neem eerder in nederigheid en stilte die agterste gestoeltes van die nuwe oortuigings in en DIEN.

### PRIMA LEESSTOF

**Consty Patient van Opple Dorp skryf:**
'k laaik julle nuwe formaat! Julle sal waarskynlik nou die Readers Digest vervang as die prima k*khuisleesstof. Met julle inhoud presteer 'n mens alle geval beter as met dié in RD.

*Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort.*
*Skryf aan:*
**Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113.**




Standard Bank Nasionale Kunsfees
27 Junie–6 Julie
1991
Grahamstad
'n Projek van die 1820 Stigting
1820
Standard Bank

# Geweld:

## *die politieke waarheid vir FW de Klerk het aangebreek*

Die geweld in die townships is uiteindelik besig om 'n wesenlike bedreiging vir die hele konsep van 'n "Nuwe Suid-Afrika" te word. Binnelands is dit besig om die haat, bitterheid en frustrasie in swart geledere te verdiep en die verhouding tussen die twee groepe onderhandelaars te ondermyn, en buitelands laat dit twyfel ontstaan of Suid-Afrika in staat is tot 'n demokrasie,

meen **HENNIE SERFONTEIN**



Die oomblik van politieke waarheid het finaal vir Staatspresident FW de Klerk aangebreek.

Ná die afgelope week kan selfs hy nie langer die betrokkenheid - regstreeks of deur 'n gebrek aan optrede - van die veiligheidsmagte by die politieke geweld ontken nie.

Verdere versuim om onmiddellik beslissende stappe te doen om dit die nek in te slaan, gaan sy politieke geloofwaardigheid vir die eerste maal sedert 2 Februarie verlede jaar knou.

Nelson Mandela het verlede week 'n persoonlike boodskap deur middel van 'n invloedryke persoonlikheid in die Afrikaner-establishment aan De Klerk gestuur.

In dié vertroulike boodskap het Mandela vir De Klerk gesê: Jou optredes is besig om my belaglik by my eie mense te maak. Verdere aanvaarding van jou integriteit hang af van jou hantering van die geweld en jou vermoë om jou veiligheidsmagte te beheer.

Belangriker nog, versuim om die ANC se ultimatum oor geweld ernstig op te neem, sal rampspoedige gevolge hê.

De Klerk se besondere persoonlike verhouding met Mandela en ander senior ANC-leiers hang dus aan 'n dun draadjie. Tensy dit vinnig herstel, gaan dit noodwendig die onderhandelingsproses negatief beïnvloed.

In dié verband is Mandela se openbare waarskuwing aan De Klerk tydens 'n Meidagsaamtrek van besondere belang. Hy sê die volgende week gaan beslissend vir die ganse onderhandelingsproses wees en hy doen weer eens 'n spesiale beroep op De Klerk om die mag van die staat te gebruik om geweld te beëindig of anders om sy aandadigheid daaraan te erken.

Die tyd vir "retoriese gebare" is verby, waarsku Mandela - 'n regstreekse verwysing na De Klerk se beplande veelparty-konferensie oor geweld later die maand en samesprekings tussen Mangosuthu Buthelezi, De Klerk en Mandela.

VWB verneem dat die ANC-leierskap verstom staan en uiters gefrustreer is omdat De Klerk in dié laat stadium, tydens sy Europese besoek, ná sy terugkeer op perskonferensies en in die Parlement steeds volhou met dieselfde argumente oor geweld en met "vae algemeenhede" soos dat wat in die verlede gebeur het, verby is.

'n Vooraanstaande ANC-lid het dié week aan VWB gesê: "Dit is een ding om te praat van vergeet van gebeure voor 2 Februarie verlede jaar. Maar dit is 'n gans ander saak as ons praat van onlangse gebeure die afgelope maande, weke en selfs dae waar die anti-ANC optrede van die polisie, òf deur daad òf deur versuim om op te tree, vir die mees ongelowige persoon nou duidelik geword het."

Die ANC-leierskap is ewe verbaas oor inligting uit die parlement dat die regering die ANC se ultimatum - met spertyd 9 Mei - steeds nie ernstig opneem nie. Die regering glo blykbaar dit is slegs 'n foefie van Mandela om interne kritiek oor die onderhandelinge te besweer.

Die gebeure van die laaste week het die verskillende fasette van die voortslepende geweld goed uitgelig.

Verlede Saterdag het die ANC nuwe inligting oor beoogde Inkatha-aanvalle op die ANC en oor die betrokkenheid van die veiligheidsmagte wêreldkundig gemaak. Daar word spesifiek gewaarsku dat Inkatha die volgende dag geweld tydens 'n begrafnis in Soweto beplan. En toe gebeur dit skaars 24 uur later presies soos die ANC voorspel het. Sondagaand vertoon die SATV tydens sy hoofnuusbulletin beeldmateriaal van die gebeure die vorige dag.

In hul eie voorhuise kon wit mense die eerste maal met hul eie oë sien hoe Inkatha-impies ongestoord woongebiede instorm, blindelings mense aanval en hoe die polisie dit alles oop en bloot toelaat. Kykers kon die smartkrete van 'n bebloede man sien en hoor hoe hy uitroep dat mense nou kan sien wat swartes werklik in al die geweld ervaar.

ANC-lede sê dié voorval, wat veral witmense geskok het, is maar slegs een van honderde soortgelyke gevalle wat die afgelope maande "normaalweg" voorgekom het.

Boonop kondig die ANC aan dat 'n beweerde lid van Militêre Inligting beken het dat hy en ander lede van die veiligheidsmagte verantwoordelik was vir die onlangse moord op hoofman Mhlabanzima Maphumolo.

Dieselfde naweek is daar die skrikwekkende ooggetuie-verslag in die *Sunday Star* van die gesoute joernalis Jon Qwelane oor die gebeure toe die polisie openlik toegelaat het dat 'n bekende anti-ANC bende, die Three Millions, swartmense in die wit deel van Kroonstad aangeval het.

Die ANC beweer al geruime tyd dat dié bende in der waarheid 'n misdadige front is wat deur die polisie teen die ANC gebruik word. VWB

## Só lyk *vandeesweek* se geweld

**In die vyf dae tussen 12 uur Saterdagmiddag en 12 uur Donderdagmiddag het 106 mense gewelddadig gesterf in gevegte aan die Randse townships.**

**Saterdag 27 April: Altesame 11 mense sterf dié nag in gevegte tussen ANC- en Inkatha-lede in die Randse townships.**

**Sondag 28 April en Maandag 29 April: Altesame 26 mense sterf in dié twee dae in onrusverwante voorvalle in Randse townships, waarvan tien mense naby die Meadowlands-stadion ná die begrafnis van die burgemeester, 'n Inkatha-lid, van Diep Meadow-distrik in Soweto doodgemaak word. Die aanval is gelei deur Inkatha-lede. Nog 30 mense sterf in hernieude geweld wat in Soweto en Alexandra uitbreek tussen ANC- en Inkatha-lede.**

**Dinsdag 30 April: Altesame 22 mense sterf in Soweto in gevegte tussen die ANC en Inkatha-lede.**

**Woensdag 1 Mei: Altesame 17 mense sterf in die Randse townships tydens en ná Meidag-vieringe.**

**Donderdag 2 Mei: Teen vroegmiddag is 23 lyke in Soweto gevind. Die meeste van dié liggame word in die Nancefield- en Dobsonville-gebied gevind en die meeste van dié lyke het skietwonde.** VWB

# *Ontevredenheid* oor ANC-leiers neem toe

Daar is al hoe meer ontevredenheid in die townships oor die ANC se onvermoë om politieke vordering in die onderhandelings met die regering te maak. **AUDREY BROWN** doen verslag

Die toenemende geweld in die townships laat al hoe meer militantheid onder aktiviste posvat oor die ANC-leierskap se onvermoë om daadwerklike stappe te doen om sy lede teen die terreur te beskerm.

Boonop het die eerste sperdatum vir die vrylating van politieke gevangenes, die beëindiging van politieke verhore en die terugkeer van uitgewekenes verstryk sonder dat die ANC sigbaar opgetree het. Aktiviste glo dat die volgende sperdatum, 9 Mei, ook niks gaan oplewer nie.

Al hoe meer aktiviste meen die ANC het die stryd teen die opheffing van sanksies verloor en die gewapende stryd opgesê sonder dat hy enige politieke wins gemaak het. Hulle twyfel ook of massa-aksie sonder die ondersteuning van die gewapende stryd enige daadwerklike uitwerking op die politieke proses sal hê.

Vrye Weekblad verneem dat 'n situasie kan onstaan waarin aktiviste optrede sal voorstel wat hulle in regstreekse konflik met die ANC sal bring. Die ANC het onlangs aangekondig dat hy nie mense sal ondersteun wat buite die organisasie se bestaande beleid optree nie. Dié aankondiging het groot ontevredenheid onder lede uitgelok.

Aktiviste waarsku egter dat ANC-takke só erg deur die geweld ontwrig is en dat ondergrondse strukture só verwaarloos is dat die gebrek aan rigting gevaarlike gevolge inhou vir die ANC en die onderhandelingsproses.

Daar word gevrees dat die ANC baie van sy ondersteuners kan verloor omdat die ANC hulle geen beskerming kan bied nie. Daar word gesê dat ANC-ondersteuners met "magtelose woede en apatie" hulpeloos moet toekyk hoe die geweld verwoesting saai.

Die sekretaris-generaal van die Jeugliga van die ANC, Billy Masetlha, het vandeesweek gedreig dat die jeug stappe kan doen wat hulle in regstreekse botsing met die polisie kan bring en wat nie noodwendig deur die ANC-leierskap goedgekeur sal word nie.

Volgens Masetlha het sy organisasie hul planne met die ANC-leierskap bespreek. "Daar is gevalle waar hulle sal sê nee, ons stem nie saam met julle nie, maar ons kan julle nie keer nie. Ons is bereid om nog stappe te doen, soos die besetting van polisiekantore, en ons bespreek die moontlikheid van 'n landwye politieke staking om alles tot stilstand te bring."

Hoewel hy sê daar is nie konflik tussen die jeug en die leierskap nie, is daar tog duidelike tekens van 'n groeiende ontevredenheid oor die "onmag" van die leiers om politieke suksesse te behaal. Hy glo die opheffing van die gewapende stryd moet heroorweeg word.

Met die aankondiging van die Jeugliga se program van aksie is daar reeds tekens van spanning - die liga se sitstaking vandeesweek in staatsdiens- en Nasionale Partykantore landwyd het nie die volle steun van die ANC se nasionale uitvoerende raad geniet nie.

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, het egter persoonlik ingegryp om die vrylating van meer as 200 jeugaktiviste, onder andere die voorsitter, Peter Mokaba, te bewerkstellig deur laatnag op April 30 vir Adriaan Vlok te bel.

'n Toenemende aantal aktiviste glo dat die gewapende stryd en massa-optrede nie van mekaar geskei kan word nie. As voorbeeld word die eerste helfte van die jare tagtig genoem toe die suksesse van Umkhonto we Sizwe 'n hupstoot aan massa-optrede gegee het. In daardie jare het MK aanvalle op Koeberg (1982), Sasolburg (1980) en die missielaanval op Voortrekkerhoogte (1983) gedoen.

Verder beskou Ndebele en andere die geweld as 'n strategie van die regering, en nie die werk van 'n sogenaamde "derde mag" nie.

Volgens Masetlha sien die Jeugliga die situasie só: "Ons glo nie in die derde mag nie - ons glo dat die geweld deel is van 'n strategie wat die regering uitvoer. De Klerk weet daarvan, hoewel hy beslis nie betrokke is by die beplanning van elke aanval nie.

"Maar die geweld is deel van 'n breër strategie waarvan hy deeglik bewus is. Die ANC glo nog in die derde mag, en miskien doen hulle dit om strategiese redes. Ons sal die ANC aanraai om sy deelname aan die onderhandelinge te heroorweeg. Ons is bedag op die ergste." VW

# Twee *insiggewende* telefoongesprekke...

*'n Senior joernalis van die Financial Mail, Charlene Smith, het dié week twee insiggewende telefoongesprekke met kolonel Jac de Vries, hoof van die SAP se openbare skakelafdeling in Soweto, gehad. De Vries was teenwoordig by die moord op 22 mense Sondag*

***Die eerste gesprek het Maandagoggend plaasgevind en het só verloop:***

**Why were you unable to prevent the deaths?**

It was not possible to prevent the deaths.

**Why not, did you not have enough men, were you inadequately armed - did you perhaps only have batons?**

There were sufficient policemen, they were properly armed. We covered the procession from start to finish.

**Why did you not confiscate the weapons the Inkatha supporters were carrying in the very beginning of the funeral proceedings?**

We considered it would have created more problems if we confiscated weapons.

**But these people killed 10 people.**

No, it was in fact 22 people.

**If you had sufficient men, sufficiently armed, why could you not stop the killings?**

It was not possible to stop them before they killed people.

**Did you do anything to stop them, did you fire teargas, did you do anything?**

We fired birdshot and teargas in one instance during the procession after the funeral on the way back.

**What happened after they killed these people?**

We escorted them back to the hostel.

**Were they on buses or did they march?**

They marched back to Dube hostel.

**Did you then confiscate any weapons or arrest anyone?**

We did not confiscate any traditional weapons, or any other weapons or arrest anyone. These are hostile questions, I don't need to be interrogated.

**Why did you make no arrests?**

Before I arrest any person I need to be sure of their involvement in the crime. There were about 3 500 or 3 000 people. I don't know who was involved.

**But your men were there, you saw them, it was filmed.**

If we had made any arrests it would have been illegal. We escorted them to contain the violence.

**Why did you confiscate no weapons?**

That will receive attention in the course of the investigation.

***Die tweede gesprek het Donderdagoggend plaasgevind.***

We have made no arrests yet. We have found no evidence yet to connect any person.

**But here is video footage of this attack and your own men witnessed it, are they not reliable witnesses?**

I refuse to be cross-examined on this. It is not always possible to find witnesses to come forward.

**Does this mean you will wait for witnesses to come forward before you investigate? People in the area that was attacked have said no policemen have been back to take their statements, is that true?**

We do not want murderers on the streets. We are there to contain violence.

**Is it true that you have not gone back to take statements?**

I don't have to be cross-examined like this, I will tell your editor I will not speak to you.

**You have not answered my question. Are you siding with Inkatha?**

We are not siding with Inkatha. There is no evidence to link a specific person with a specific act.

**Have you confiscated any weapons?**

We have confiscated no weapons.

**When I spoke to you last, you said you had escorted people back to Dube hostel, have you raided Dube hostel for any weapons?**

No, we have not raided the hostel, because it is not appropriate to have a raid at this stage.

**Why is not appropriate?**

Because it would create more unrest at this stage.

**Why?**

Why are you asking such stupid questions? I don't have to be cross-examined by you. VW



**Let technology work for you!**

* Word processing
* Office Automation
* Desktop Publishing
* Novell LAN's

Your office or work place in a mess ? Recession biting ? Call the experts at PCB for your solution. We offer everything you need: Quality PC's & Mac's, a full range of printers, software packages, stationery and accessories and most important of all: professional service & expertise.

PCB TECHNOLOGIES

Tel (011) 487-3608 Fax (011) 648-1616 Tlx 429658



'N ERG VERWONDE MAN IN SOWETO DIÉ WEEK (FOTO: GREG MARINOVICH - AP)

# Die *wrange vrugte* van die jare tagtig

In reaksie op beskuldigings dat die polisie nie verlede naweek se slagting in Soweto probeer keer het nie, sê 'n polisiewoordvoerder dat die polisie nog nooit staan en toekyk het hoe swartmense mekaar vermoor nie. Hofgetuienis en beëdigde verklarings vertel egter 'n ander verhaal. En kenners meen Suid-Afrika betaal steeds die prys vir sy beleid van die jare tagtig om "vigilante-groepe" te gebruik om juis swart op swart-geweld te bevorder. **PEARLIE JOUBERT** stel ondersoek in

Dié bendes voer al sedert die middel-tagtigerjare 'n skrikbewind in townships oral in die land. Duisende mense is al deur hulle doodgemaak of dakloos gelaat. Verskeie van hul terreurveldtogte is met die polisie se goedkeuring uitgevoer. Soms is hulle deur die polisie opgelei en selfs bewapen.. Hulle is Suid-Afrika se "vigilantes" - regeringsgesinde bendes wat die laaste jare deur die staat gebruik is om swart op swart-geweld te bevorder en die invloed van die ANC en die UDF te probeer ondermyn.

Die staat het sy "vuil werk" aan hulle "uitgekontrakteer", sê 'n Johannesburgse menseregte-prokureur. Terwyl Suid-Afrika die ergste vlaag van geweld in sy geskiedenis ervaar, wys regsgeleerdes vandeesweek daarop dat die land vandag nog die prys betaal vir dié regeringstrategie wat in die tagtigerjare ingestel is.

"Die vigilante-groepe wat destyds deur die regering gestig is, gaan steeds voort met hul terreurveldtogte in die townships en moet ten minste deel van die skuld dra vir die huidige geweldpleging," sê die Johannesburgse prokureur Nicholas Haysom, wat die laaste jare die vigilante-probleem ondersoek.

Die Demokratiese Party LP vir Greytown, Pierre Cronjé, sê hy het die laaste jare dikwels persoonlik aanskou hoe die polisie weier om op te tree wanneer groepe gewapende mense of vigilantes ANC-ondersteuners aanval.

Verskeie hofsake die laaste vyf jaar getuig daarvan dat die polisie vigilante-groepe aktief steun en toelaat dat dié bendes veral teen ondersteuners van die ANC en die UDF optree. Duisende beëdigde verklarings oor die optredes van vigilantes is die laaste jare deur menseregte-organisasies aan die polisie beskikbaar gestel.

Maar vroeër vandeesweek het die skakelhoof van die polisie in Soweto, kol Jac de Vries, op televisie gesê die polisie het nog nooit net gestaan en toekyk terwyl swartmense mekaar aanrand of vermoor nie. Hulle het tussenbeide getree, het hy gesê.

Terselfdertyd het dr Das Herbst, woordvoerder van die Departement van Verdediging, gesê die huidige geweld, die ergste in Suid-Afrika se geskiedenis, is "swart op swart-geweld".

Die ANC, kenners én menseregte-prokureurs hou egter vol dat die regering en die polisie deur hul huiwering en selfs weiering om teen gewapende groepe op te tree, toelaat dat die geweld eskaleer en dat die beskrywing "swart op swart-geweld" as rookskerm gebruik word om etnisiteit te bevorder en tweespalt in die swart gemeenskap te saai.

Peter Harris, prokureur vir die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking, sê die regering se beskrywing van die geweld as "swart op swart-geweld" is bloot 'n manier om die duidelike patroon van "onwettige geweld, veroorsaak deur vigilante-groepe en moordbendes" te verbloem.

Hy gaan verder: "Die term 'swart op swart-geweld' illustreer ook die regering en die pers se vermoë om etikette te vind wat die waarheid in rassistiese mites verberg. Die Tweede Wêreldoorlog en die opbreek van Nasionale Party-vergaderings deur regses word nie as 'wit op wit-geweld' beskryf nie."

Maar wie is dié vigilante-groepe wat vyf jaar gelede skielik hul opwagting in die townships gemaak het?

Menseregte-prokureurs meen die regering het in 1985 swart bendes - die sogenaamde "vigilantes" - landwyd in townships gevestig, opgelei en soms selfs bewapen as deel van 'n beleid om onder meer die plakkerprobleem en toenemende weerstand teen apartheid te bekamp.

Kenners omskryf verskillende vorme van staatsteun aan vigilante-groepe. "Daar is bewyse dat die staat logistieke en organisatoriese hulp en selfs wapens aan vigilante-groepe verskaf het. Die staat het aanvanklik dié tipe steun aan vigilante-groepe gegee tot tyd en wyl hulle selfstandig kon voortbestaan," sê Haysom.

"Daar ook nie-amptelike ondersteuning van dié groepe deurdat die polisie geweier het om op te tree. Die polisie het nie by tonele opgedaag waar geweld potensieel sou uitbreek nie, of te laat opgedaag. Min van die oortreders is gevang en polisie-ondersoeke het tot niks gelei nie. Dié strategie het daartoe gelei dat die slagoffers van vigilante-geweld die reg in eie hande geneem het om hulself te beskerm," sê hy.

Cronjé sê hy het in Maart verlede jaar gesien hoe 'n groep gewapende vigilantes 'n plakkersgebied aanval. "Die polisie was daar en het net voor die aanval die toneel verlaat. Ná die aanval, waarin tientalle mense dood is, het ek die polisie gevra waarom hulle weg is. Hulle sê hulle moes die toneel verlaat omdat 'n aanval elders gedreig het. Dié dreigende aanval was egter 'n vals alarm.

"Ek het die polisie se weiering en onwilligheid om op te tree al op hoë vlak met ministers bespreek. Daar is 'n absolute blindheid om te wil sien wat aangaan," sê Cronjé.

Van die mees verdoemende getuienis oor die polisie se steun aan vigilante-groepe is in 1986 in die Kaapse Hooggeregshof verskaf toe die polisie 'n paar miljoen rand aan plakkers moes uitbetaal nadat hul huisies deur die Witdoeke - 'n vigilante-groep wat deur die polisie ondersteun is - afgebrand en vernietig is. Sowat honderd mense is dood.

Video-materiaal en beëdigde verklarings van ooggetuies het duidelik gewys, soos die hof ook later bevind het, dat die polisie g'n vinger verroer het om die "Witdoeke" te keer nie. Die polisie het tydens die plakkers se teenaanvalle die "Witdoeke" beskerm deur op die plakkers te skiet. Die meeste "Witdoeke" was met gewere bewapen.

In 1988 in Natal is 'n saak gedokumenteer waarin 'n afvaardiging van die Ashdown-inwoners die polisie om beskerming gaan vra het teen 'n potensiële aanval deur Inkatha-vigilantes. Volgens die beëdigde verklarings wat ingedien is, het die polisie geweier om die aanval af te weer omdat die afvaardiging ondersteuners van die UDF was.

Met die uitbreek van geweld in die Oos-Randse townships einde verlede jaar waarin byna 500 mense dood is, is 'n ellelange lys verklarings aan die polisie voorgelê. Meer as die helfte van dié verklarings beweer dat die polisie die township-inwoners nie teen vigilante-aanvalle beskerm het nie of dat die polisie Inkatha-groepe ondersteun het.

"Dit sou ondenkbaar dat 'n groep mense, swaar bewapen, bykans twee jaar lank gereeld deur woongebiede sou kon stap en mense voor die voet doodmaak, huise afbrand of plunder sonder dat die polisie ooit die skuldiges aankeer. Dit is ondenkbaar dat die polisie nooit betyds vir dié tipe gevegte opdaag nie, of nie die mense keer nie, dat daar net elke nou en dan 'n hofsaak is en dat die skuldiges dan op borgtog vrygelaat word. Die polisie sal nóóit so iets in die wit woongebiede laat gebeur nie - maar die laaste twee jaar en langer is dié soort gebeure aan die orde van die dag in die townships," sê Haysom. VW

## ter *suide*

Só kom die waarheid soms uit. Woensdagaand vertel 'n verslaggewer van die SAUK op TV se nuus om agtuur van die Inkatha-saamtrek by die George Goch-stadion: "Die polisie het toegesien dat net tradisionele wapens in die stadion toegelaat is, hoewel ander wapens ook gesien is."

•


STROP VOOR FOKKER
Order voor tweede serie
WARM WELKOM VOOR BEMANNI

Daar is 'n hele paar openbare figure in Suid-Afrika oor wie 'n mens graag dié oordeel wil uitspreek. Eintlik kom dié opskrif uit die Amsterdamse Algemeen Dagblad en gaan oor die vliegtuigvervaardiger Fokker wat dalk 'n Amerikaanse kontrak gaan misloop.

•

Adriaan Vlok, minister van Wet en Orde, het ná vyf maande van ontduiking tog sy aantyging dat Jan van Eck, DP-LP vir Claremont, in hegtenis geneem is omdat hy "'n skare in Khayelitsha tot onrus opgestook" het, teruggetrek. En die Prokureur-generaal het geweier om die saak teen Van Eck in verband met sy inhegtenisneming te vervolg.

Vlok het Dinsdag in antwoord op 'n vraag van Van Eck in die parlement gesê: "'n Verdere intensiewe ondersoek na die omstandighede en redes vir die inhegtenisneming van die agbare lid in Khayelitsha op 2 November 1990 het openbaar dat die inligting in verband met sy arrestasie, en waarop die Wes-Kaapse streekskommissaris (van polisie) sy stelling gegrond het, naamlik dat die agbare lid in hegtenis geneem is omdat hy gevind is 'waar hy besig was om 'n groeiende skare van 100 mense toe te spreek', gebaseer was op die persoonlike en subjektiewe mening van die offisier aan diens van die toestand en wat oënskynlik aanleiding gegee het tot 'n wanopvatting van die omstandighede."

Dié antwoord volg nadat Van Eck sedert die begin van die parlementsitting om 'n verduideliking en verskoning vir sy inhegtenisneming van Vlok en die SAP aandring.

•

Daar is 'n interessante boek in die biblioteek van die aartsrassis Eugene TerreBlanche: 'n getekende eksemplaar van die ANC-leier Govan Mbeki se boek oor sy ervaringe op Robbeneiland.

Mbeki het dit laasweek vir hom gestuur nadat ET hom daarvoor gevra het toe hulle onlangs saam op 'n SAL-vlug na Kaapstad was. Mbeki sê hul gesprek was "hartlik en vol humor". Die titel van die boek is The Prison Writings of Govan Mbeki: Learning from Robben Island. Miskien wil ET homself sielkundig begin voorberei op die dag wanneer hy ook só 'n boek sal kan skryf...

# Krisis in SARK kring uit

Die krisis in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) tussen die werknemers en die hoofsekretariaat, het dié week verder uitgekring met die bedanking van die direkteure van twee van die belangrikste departemente.

Dit vestig verdere aandag op die beskuldigings deur die meeste werknemers teen die "onsensitiewe en ondemokratiese ontslag" van een van die personeellede deur eerw Frank Chikane, die hoofsekretaris, en sy twee sekretarisse, Francois Bill en Brigalia Bam.

Die twee direkteure wat bedank het, is Joe Seremane, direkteur van die belangrike departement van Justice and Reconciliation (J&R), en Wesley Mabuza van die departement Mission and Evangelism (M&E).

Albei is bekend in kerkkringe in Suid-Afrika én die buiteland en het groot lof vir hul betrokkenheid by die nood en hartseer van gewone mense verwerf. Die twee is reeds langer as tien jaar betrokke by die SARK en sy streekrade.

Ingeligte kerkamptenare en waarnemers beskou dié bedanking van die twee direkteure as 'n ernstige knou vir die SARK. Dit volg op verskeie ander bedankings van personeel die laaste maande.

Twee weke gelede is 'n ander direkteur, M Ntsele, as deel van die nuwe besparingsmaatreëls afgedank.

Lulu Cinqwane, direkteur van die departement Vrouesake, is twee weke gelede onbepaald uit haar pos geskors. Dit volg op 'n dissiplinêre verhoor van klagte as sou sy 'n lid van die finansdepartement aangerand en beledig het - 'n aanduiding van die omvang van die krisis in die SARK.

Twee weke gelede het VWB berig oor 'n krisis in die SARK as gevolg van die wyse waarop 24 werknemers ontslaan is. Dié werkers is ontslaan as gevolg van die ingrypende vermindering in buitelandse befondsing. Daarmee saam is daar beskuldigings van wanbestuur, diefstal en ander ongerymdhede.

'n Maand gelede het 'n werknemer van die finansdepartement, Jabu Sithole, bedank en beweer dat hy glo daar was 'n onlangse aanval op sy lewe as gevolg van sy ondersoek na dié beweerde ongerymdhede. Hy het dit egter herhaaldelik beklemtoon dat hy hoegenaamd nie die sekretariaat of die SARK as sodanig verdink nie.

Die SARK het dié week geweier om enige kommentaar oor die jongste gebeure te lewer. Francois Bill, die administratiewe sekretaris, het aan VWB gesê hy het opdrag om nooit weer met ons te praat nie. Hy sal ook nooit weer in sy lewe enige onderhoud aan die skrywer van die berigte toestaan nie.

Werknemers van die SARK is al sedert verlede jaar blykbaar verbied om met die pers oor enige SARK-sake te praat, 'n verbod wat die ontevredenheid vererger.

Maar Seremane het die verklaring van Chikane verlede week aan VWB as totaal "misleidend" verwerp.

Chikane het VWB se berig, dat die meeste SARK-lede met VWB se artikel saamstem, as "misleidend" verwerp.

Seremane sê: "Ek daag Chikane uit om 'n geheime referendum onder die personeel te hou. Hy sal verbaas wees oor die woede wat bestaan oor die wyse van afdanking.

"Dit is ook insiggewend dat Chikane 'n verklaring van die SARK oor personeelsake die wêreld instuur, sonder dat ons ooit daaroor geraadpleeg is." - HENNIE SERFONTEIN VWB


WAT SAL JOU BETER PAS?

STRIKDAS of KNOOPDAS



FORD METEOR – vanaf R450 per maand.




FORD LASER – vanaf R450 per maand.

(JOU NAASTE FORD HANDELAAR HET DIE ANTWOORD)

Kyk gerus na die Ford reeks en jy sal 'n motor vind wat jou sak netjies pas en boonop uitgeknip is vir jou soort lewenstyl. Dit maak nie saak of dit nege-tot-vyf of vyf-tot-nege is nie. Jy het die keuse.

Afgesien daarvan dat jy 'n swierige Meteor vir dieselfde prys as 'n loslit Laser kan koop (albei spog met 'n Lewenslange Dienswaarborg), bly die belangrikste aspek van om 'n Ford te besit nog steeds die eienskappe wat jy as standaard bykry — Betroubaarheid, Staatmaker-prestasie en, bowenal, Bestuurplesier. Die groot vraag — of jy onlangs een bestuur het — het dus te doen met gesonde verstand. En, natuurlik, goeie smaak.

HET JY ONLANGS 'N FORD BESTUUR?





DIE METEOR REEKS: 1400 LX, 1600 GL, 1600 GLE — Almal 5 spoed-handratmodelle

DIE LASER REEKS: 1400 L, 1600 GL, 1600 SPORT, 1600i SPORT— Almal 5 spoed-handratmodelle

J. Walter Thompson 61628


VWB




*Die jaarlikse internasionale persfoto-tentoonstelling* is nou by die Standard Bank-galery in Johannesburg te sien. Hier is drie van 230 foto's op die uitstalling waarvan heelwat uit Suid-Afrika kom. Suid-Afrika se David Goldblatt was een van die beoordelaars

LINKS: NELSON MANDELA DEUR HANS GEDDA VAN FRANKRYK

LINGKS ONDER: PRES GEORGE BUSH TUSSEN AMERIKAANSE TROEPE IN SAOEDI-ARABIË DEUR DIANA WALKER VAN AMERIKA HET DIE EERSTE PRYS IÑ DIE KATEGORIE MENSE IN DIE NUUS ONTVANG


REGS ONDER:'N AMERIKAANSE AIDS-PASIËNT OP SY STERFBED. DIÉ FOTO DEUR THERESE FRARE VAN AMERIKA HET DIE TWEEDE PRYS IN DIE KATEGORIE REPORTAGE VEROWER





# Die swart spreker en die wit bullebakke

## Die ontwrigting van die vergadering wat Nelson Mandela vandeesweek by Tukkies sou toespreek, het HENNIE SERFONTEIN laat terugdink aan die aand van 22 Augustus 1958 in Pretoria...



'N HERHALING VAN DIE GESKIEDENIS... HENDRIK CLAASSEN OP DIE VERHOOG VAN AMFITEATER BY TUKKIES (FOTO: INA VAN DER LINDE)

"Die Afrikaners sal nie toelaat dat blankes deur 'n kaffer toegespreek word nie. In die naam van die Afrikanervolk word die vergadering nou beëindig."

Met dié dramatiese woorde het die fris geboude leier van 'n groep regses die platform bestyg en die voorsitter met 'n vuishou platgeslaan.

Pandemonium het uitgebreek. Nog regses het die platform bestorm en die spreker en die sekretaresse brutaal aangerand. Andere het die stoele van agter in die saal vorentoe begin stoot om die gehoor uit die saal te probeer dwing. Daar was 'n woeste gemaal in die saal toe die regses en lede van die gehoor begin vuisslaan.

Nee, dit was nie Maandag se moleste by die Tukkies-vergadering wat Nelson Mandela sou toespreek nie...

Dit was die aand van 22 Augustus 1958. Die geleentheid was 'n vergadering in die saal van die Anglikaanse katedraal St Albans in die hartjie van Pretoria. Die spreker was oud-hoofman Albert Luthuli, president van die ANC, toe nog 'n wettige organisasie.

Ek was die voorsitter - en die regse leier was dieselfde mens wat Maandag 'n groot rol gespeel het in die ontwrigting van die vergadering wat Nelson Mandela op die Tukkies-kampus sou toespreek.

Nuus van die gebeure dié week het my laat terugdink na daardie geskiedkundige aand in Augustus byna 33 jaar gelede. Baie dinge is nog steeds dieselfde. Maar soveel meer dinge het sedertdien ook fundamenteel en onherroeplik verander.

Want die ontwrigting van Maandag se vergadering is maar net die pynlike stuiptrekkings van 'n ou, vervalle orde wat besig is om te verdwyn.

Augustus 1958 was die tyd van die historiese hoogverraadsaak in Pretoria toe 156 lede van die ANC en ander organisasies in die ou Sinagoge-gebou in Paul Krugerstraat tereggestaan het.

Om in die klimaat van destyds 'n ANC-leier te nooi om 'n vergadering in Pretoria toe te spreek, was eenvoudig ondenkbaar. Dit is as sotterny beskou.

Afgesien daarvan dat die ANC toe al deur die Nasionale Party se propagandiste en die meeste witmense as duiwels en uit die bose beskou is, was dit 'n tyd waarin swartmense eenvoudig net nie wit gehore toegespreek het nie. Spesiale toestemming moes selfs verkry word as swartmense as lede van die gehoor 'n vergadering wou bywoon.

Die hou van die vergadering was 'n geval van "fools rush in where angels fear to tread". Maar ons het dit gedoen in die geloof dat witmense die kans moes kry om self te luister na die leier van die organisasie wat die meeste swartmense verteenwoordig het. "Ons" was die Pretoriase Politieke Studiegroep. Johan Kriegler, nou regter, was die ondervoorsitter; Mickey Schoon, 'n niggie van die ANC-lid Marius Schoon, was die sekretaresse, en - ja! - Chris de Jager, nou 'n KP-LP, was ons penningmeester.

Die bestaan van die Studiegroep vertel alles van die destydse wit politieke klimaat. Kriegler is weg by die ou Verenigde Party Jeug en ek by die Nasionale Jeugbond van die NP. Vrye debatvoering en die nooi van sprekers met "ander" standpunte is in daardie jare eenvoudig nie geduld nie - veral nie deur die NP nie, wat dekades lank met 'n Stalinistiese ysterhand alle vrye debatvoering eenvoudig vermorsel en verbied het.

Vir die hoofsaaklik Afrikaanssprekende gehoor was Luthuli se optrede in Pretoria in 1958 soos om na 'n man van Mars te luister. Vir albei kante was dit 'n eerste geleentheid.

Luthuli het tot in daardie stadium nog maar selde voor witmense gepraat en nog nooit voor Afrikaners opgetree nie. Die Studiegroep kon dus met reg daarop aanspraak maak dat dit die eerste gesprek tussen Afrikaners en die ANC was - 29 jaar voor die Dakar-ontmoeting.

In die gehoor was voorste akademici, beroepslui en ander lede van die Afrikaner-establishment, asook diplomate van die meeste ambassades. Die meeste het voorheen nooit op ons uitnodigings gereageer nie, want vergaderings en byeenkomste van "verraaiers" - soos ons genoem is - is eenvoudig nie bygewoon nie.

Teenwoordig was ook mense soos Willem Kleynhans; Piet van der Walt - vandag regter; Daan Verwoerd, seun van dr HF Verwoerd; Hentie Serfontein, vandag Noord-Transvaalse rugby-voorsitter; WL Maree, jare lank redakteur van die Voorligter; en Maurits van den Berg en die joernalis Oosie Oosthuizen - die eerste Afrikaanse lede van die destydse Liberale Party.

Maar die nuuskierigheid was te groot. Ek onthou nog goed dat Gerrit Viljoen - toe professor in klassieke tale aan Unisa - so in die derde ry van voor langs die gangetjie gesit het. Ek het hom gaan vra om aan die einde van die vergadering vir Luthuli te bedank, soos die gebruik was. In my geestesoog sien ek hom nou nog wegskram terwyl hy botweg weier. Diep vererg het ek hom toegesnou: "Gerrit, jy is 'n lafaard." Hy was vroeër jare my veldkornet in die Voortrekkers in die Christiaan de Wet-kommando in Pretoria.

Ironies het die bonkige Hendrik Bronkhorst toe sonder beswaar ingestem om die bedanking te doen. Bronkhorst, wat in die Tweede Wêreldoorlog 'n brigadier was, was toe LV vir die Verenigde Party en uiters konserwatief - die idee van swart tuislande was vir hom te liberaal.

Toe die regse groep die saal binnestorm, het die meeste mense gedink dis die veiligheidspolisie. Maar ek het geweet wat kom, want die leier van die groep was ná die oorlog 'n swaargewigbokser en het heelwat van ons kleiner vergaderings bygewoon. Hy het geen geheim van sy ultra-regse en pro-Hitler gesindheid gemaak nie.

Toe hy op die verhoog klim en die gehoor beveel om pad te gee, het ek nog probeer redeneer - maar ek is summier van die verhoog afgeslaan. Met wonde aan my kop en ken het ek weer die verhoog bestyg om Luthuli by te staan - maar is wéér afgeslaan.

Mickey Schoon is só gewelddadig van die verhoog afgesmyt dat haar rug beseer is.

Luthuli het sy teenwoordigheid van gees behou en onder die tafel ingeduik.

Maar tot my sterwensdag sal ek onthou hoe jong mans - in die naam van die Afrikaner - die tafel omgestamp het, op Luthuli gespring het en hom geskop het.

Terwyl die verdwaasde gehoor uitgeboender is, was daar oral in die saal gevegte. Bronkhorst, Johan Kriegler en sy pa, ook 'n brigadier in die Tweede Wêreldoorlog, het Luthuli te hulp gesnel en die regse leier getakel. Veral die kleiner geboude Kriegler het soos 'n aggressiewe foksterriër geveg.

Terwyl 'n vrou Luthuli se wonde verbind het, is die polisie ontbied.

Intussen het die bakleiery in die saal voortgeduur soos mense hulle teen die regse aanvallers verweer het. Die geluid van die staalstoele wat deur die lug geslinger is en teen mekaar gebots het, sal ek nooit vergeet nie.

Midde-in die geveg het die skrale JP Verloren van Themaat, gerespekteerde professor in die staatsleer en later diep betrokke by die Suidwessaak in die Wêreldhof, op die verhoog geklim en verontwaardig uitgeroep: "Orde, orde. Ek is óók 'n Afrikaner. Ek is óók 'n Nasionalis."

Maar op daardie oomblik tref 'n vuishou hom op sy ken en trek hy soos 'n stuk lap van die verhoog af. Dae lank kon hy skaars praat.

Kees van Dijkhorst, destyds 'n prokureursklerk, was in 'n bitter geveg met die regses betrokke. Soos 'n gesoute swaardvegter het hy hom met 'n stoel in die hand verdedig terwyl met stoele na hom geslaan is.

Net toe hulle hom in 'n hoek vaskeer, het die polisie opgedaag en die klomp aanvallers gevang.

Ook JP van der Walt was in die gevegte betrokke.

Jare later het Van Dijkhorst en Van der Walt as regters beroemd of berug geword vir hul omstrede uitsprake in die Delmas- en die Marion Sparg-verhoor.

'n Halfuur nadat die bakleiery begin het, is die orde herstel en was die gehoor terug op hul sitplekke. Luthuli het sy toespraak gehou - terwyl hy van tyd tot tyd die bloed van die wond aan sy gesig afvee.

Dit was 'n vertoning van ware staatsmanskap, 'n boodskap en uitnodiging aan witmense om apartheid te verwerp en sáám met swartmense te werk aan die bou van 'n nuwe Suid-Afrika, anders sou daar nooit vrede wees nie.

Die gehoor het vasgenael gesit en luister - die voorafgaande gebeure tydelik vergete.

In vraetyd het Luthuli verleë die verskoning weggewuif wat iemand uit die gehoor vir die onsmaaklike voorval probeer aanbied het. Nòg in sy toespraak nòg in sy antwoorde op vrae het hy enigsins na die voorval verwys om sy argumente en waarskuwings te staaf.

Toe alles verby was, is Luthuli weer opgelaai deur ANC-leiers soos ZK Matthews, wat wettiglik nie die vergadering kon bywoon nie. Ons diepe spyt is filosofies deur Matthews weggepraat.

Dis maar net die geboortepyne van 'n nuwe volk, het hy ons vaderlik bemoedig.

Ses mense is in die Streekshof in Pretoria van openbare geweld aangekla. Net die leier, Hendrik Claassen, is skuldig bevind en tot drie maande tronkstraf gevonnis.

Uit regskringe en in die pro-regeringskoerante het 'n koor van verontwaardiging opgeklink. Die Studiegroep is verantwoordelik gehou omdat ons "provokatief" opgetree het deur so 'n vergadering hoegenaamd te hou. Dit was onverantwoordelik uitdagend, het die Afrikaanse koerante voor in die koor gesing.

'n Spesiale verdedigingsfonds om die beskuldigdes te help is deur LV's van die NP met die ondersteuning van 'n regeringskoerant gestig. VW

# KENNIS IS MAG

In 'n land waar onderwys op 'n flagrante wyse 'n instrument van beheer was om mag en voorregte te beskerm, is dit beslis geen maklike taak om tot 'n ooreenkoms te kom oor die aard en vorm van onderwys in 'n toekomstige nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika nie. **INA VAN DER LINDE** kyk na die implikasies wat *People's Education* vir Suid-Afrikaanse universiteite kan inhou

Kennis is mag, lui die gesegde. En mag is politiek, sê Teboho Loate, 'n skoolhoof van Botshabelo. "Opvoedkunde en politiek is soos pap en vleis. Mens kan nie 'n volledige maaltyd hê as jy nie albei op jou bord het nie."

En in dié geval is die pap en vleis universiteitsopleiding - waarvoor die eerste gevegslinies in 1986 opgestel is toe die National Education Crisis Committee (NECC) dringend gevra het dat 'n teorie en praktyk vir sogenaamde "People's Education" aan universiteite ontwikkel word.

In dieselfde jaar het die Komitee van Universiteitshoofde 'n belangrike ondersoek na die toekomstige rol van universiteite in Suid-Afrika begin.

Sedertdien duur die stryd lustig voort, terwyl dit dikwels vir Jan en alleman moeilik is om tussen al die retoriek deur te verstaan waaroor dit nou eintlik gaan.

"Gevegslinies" is nie 'n oordrewe metafoor nie, sê prof Jaap Durand, vise-rektor van die UWK. Die debat rondom "People's Universities" was tot dusver hoofsaaklik in die Wes-Kaap gesentreer, waar die enigste ware people's university - die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) - tot stand gekom het. Met die tradisionele "wit" Universiteit van Stellenbosch (US) 'n hanetreetjie daarvandaan.

Uit die mond van prof Jan Sadie, vroeëre verligte ekonoom van US, klink die stryd van Stellenbosch se kant só in Die Burger: "Dit is onrusbarend dat daar akademici is wat nie besef dat 'n universiteit geen demokrasie is nie en dat dit rampspoedig sou wees om so 'n metamorfose te bewerkstellig. 'n Universiteit is 'n meritokrasie. Dit is nie veronderstel om verteenwoordigend van 'die mense' te wees nie, maar wel van die intellektuele elite..."

Die rektor, prof Mike de Vries, droom oor US as "die Harvard/Oxford van Suider-Afrika." 'n "Elitistiese inrigting", in die goeie sin van die woord, aan die bopunt van die piramide. Sê De Vries: "Sou ons hier nie-akademies gefundeerde toegewings doen om aan die eise van 'n veranderende omgewing te voldoen, kan ons erg benadeel word."

Dié standpunte raak die wese van die strydpunte aan, die pilare van die alternatiewe stelsel wat voorgestaan word binne die geledere van die NECC (wat sedertdien 'n belangrike naamverandering ondergaan het na die National Education Coordinating Committee). Die pilare is onbeskaamde anti-elitisme, die demokratisering en toeganklikheid van universiteite, aanspreeklikheid teenoor die gemeenskap, en die verinheemsing van leerplanne.

Durand meen die hoofstrydpunte gaan veral om elitisme en demokratiese waardes en outonomie en sosiale aanspreeklikheid.

## ELITISME EN DEMOKRATIESE WAARDES

Eric Molobi en Vusi Khanyile van die NECC is aan die spits as dit kom by kritiek teen die elitistiese aard van die heersende universiteitsbeleide en -praktyke.

Molobi meen die elitistiese en konserwatiewe aard van Suid-Afrikaanse universiteite word verskuil agter die dekmantel van akademiese uitmuntendheid. Dit pootjie die hoofdoelstellings van People's Education. Soos die demokratisering van onderwys, wat daarop gemik is om 'n deursnee van die gemeenskap by besluite oor die inhoud en gehalte van opleiding te betrek; om apartheid in die onderwys af te breek en dit ter sake te maak vir die demokratiese stryd; om 'n brug te slaan oor die kloof tussen teoretiese kennis en die praktyk, tussen natuurlike wetenskap en die menslike wetenskappe, tussen verstandelike arbeid en hande-arbeid.

Volgens Molobi word die elitistiese ideaal versterk deur opvoedkundige hulp van oorsee en van binne die land - veral van die groot sakeondernemings. Dié hulp dien die kapitalisme omdat dit by wyse van beurse en programme 'n swart middelklas tot stand help bring, wat die demokratiese beweging in sy doelstellings sal stuit.

Die duidelik sosialistiese trekke in People's Education word bevestig deur 'n besluit wat in 1985 by die NECC se konferensie oor onderwys in Johannesburg geneem is. Die besluit sê dat People's Education "kapitalistiese norme van kompetisie, individualisme en belemmerde intellektuele ontwikkeling moet elimineer, en kollektiewe insette en aktiewe deelname by almal moet aanmoedig".

Khanyile spreek in 1986 in 'n toespraak by die Academic Support Programme Conference op Pietermaritzburg soortgelyke sentimente uit. Tradisionele universiteite streef "akademiese uitmuntendheid" na sonder om die huidige Suid-Afrikaanse konteks in ag te neem. Sodoende word universiteitsopleiding buite "die mense" se bereik geplaas.

En met dié standpunt beland mens onmiddellik pens-en-pootjies binne-in een van die mees omstrede debatte rondom People's Universities - die kwessie van toelatingsbeleid.

Durand wys daarop dat die dokument waarin die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) se standpunte uiteengesit word, kennis neem van die standpunt oor demokratisering en toeganklikheid. Maar 'n ontleding van die dokument toon steeds 'n sterk elitistiese voorkeur. Dit blyk veral wanneer die kwessie van gelyke geleenthede in allerlei voorwaardes gehul word. Soos dat universiteite toeganklik moet wees vir enigeen wat die vereiste vermoëns, talent en belangstelling het, en op voorwaarde dat die ideaal van akademiese uitmuntendheid nie eenkant geskuif of verlaag word nie.

Die KUH-dokument sê voorts die ideaal van akademiese uitmuntendheid en die ideaal van onbeperkte toeganklikheid kan moeilik binne dieselfde universiteit bereik word. Die oplossing is volgens die KUH, "'n omvattende stelsel van gedifferensieerde onderwysinstellings en 'n betroubare meganisme vir die kanalisering van voornemende studente...".

Sê Durand: "Met ander woorde, laat ons plekke van uitmuntendheid en eksklusiwiteit hê en plekke van middelmatigheid en toeganklikheid."

Die KUH erken dat toeganklikheid tot universiteite nie los staan van die unieke sosio-ekonomiese en sosio-politieke omgewing van die land nie. In Suid-Afrika het dit historiese ongelykhede tussen bevoorregte wittes en benadeelde swartes tot gevolg gehad.

Maar uit die manier waarop dié kwessie gestel word, kan die afleiding gemaak word dat die KUH meen dat sekere universiteite die klem op nagraadse opleiding in bepaalde rigtings moet lê, terwyl ander voorgraadse opleiding beklemtoon. "Daar is geen twyfel oor aan watter kant van die skeidslyn die histories wit en die histories swart universiteite sal val nie," sê Durand.

Dit is glad nie wat Molobe, Khanyile en die NECC in die vooruitsig stel nie. Hulle meen die stelsel moet oop en toeganklik wees en die oplossing vir die probleem van akademiese uitmuntendheid moet binne die universiteite self gevind word.

Hieroor is daar verskillende voorstelle, soos oorbruggingskursusse vir eerstejaars, of dat studente onderwerp word aan praktiese en aanlegtoetse waarvolgens toelatingsvereistes vasgestel word.

By Durand is daar min twyfel dat die proses van demokratisering van opleidingsgeleenthede bloot weens die werklikheid van die getalleoorwig aan die kant van swart voornemende studente die slag teen die elitistiese ideaal gaan wen.

"Hoe gouer die wit oorheersde universiteite aan dié gedagte gewoond raak en hulle daarby aanpas, hoe minder traumaties sal die oorgang op die ou end wees," sê hy.

Wat die kwessie van die handhawing van standaarde in die proses van demokratisering betref, sê Durand die kernvraag is: wat is standaarde en wie stel die standaarde?

Die Westerse ideaal van 'n liberale opvoeding, met die klem op die geleerde individu as die hooffaktor in die bepaling van die gehalte van die gemeenskap, word ernstig bevraagteken. Dit word bestempel as 'n neiging tot elitisme en irrelevant vir die huidige behoeftes van die gemeenskap.

Sê Durand: "Wat is die nut van 'n liberale opvoeding as mense honger en arm is? Ek het min twyfel dat indien die verwagte ontwikkelinge plaasvind, 'standaarde' in die abstrakte sin van die woord, in gedrang gaan kom. Die handhawing van Eerste Wêreld-standaarde terwyl die dringendste behoeftes van die land terselfdertyd aangespreek word, is die twee basiese sake waaroor die universiteite van Suid-Afrika hulle op 'n manier sal moet versoen."

## OUTONOMIE EN SOSIALE AANSPREEKLIKHEID

In die kringe van die Breë Demokratiese Beweging word die konsep van demokrasie baie nou in verband gebring met die gedagte van aanspreeklikheid. Daar word klem gelê op die noodsaaklikheid dat onderwysinstellings in die algemeen en universiteite in die besonder, die behoeftes en vereistes van 'n breër gemeenskap in ag neem as dié wat hulle tradisioneel gedien het.

En dít is net moontlik indien die strukture van aanspreeklikheid soos hulle nou daar uitsien, drasties verander. Wat die beswaar betref dat die outonomie van universiteite hierdeur aangetas sal word, wys Khanyile daarop dat binne die liberale hiërargie van waardes die reg tot gelyke politieke deelname en gelyke onderwys bestaan. Universiteite verkry hul eksklusiewe mag en invloed juis op grond van die historiese ontkenning van die regte van die meerderheid.

Hy meen alle universiteite moet maniere vind om gemeenskapsdeelname aan die universiteit te verseker. Die breë gemeenskap moet 'n mede-besluitnemer in die ontwikkeling van universiteite wees.

Teenkanting word in dié verband van die oorheersend wit universiteite verwag. Die KUH sonder twee beperkings op die outonomie van universiteite uit - die finansiële ondersteuning wat in die vorm van staatsubsidies uit openbare fondse verkry word, en skenkings van die private sektor.

Die dokument beklemtoon dat die waardering vir en erkenning van die universiteit se aktiwiteite deur die breër gemeenskap van groot belang vir die voortbestaan van die instelling is.

Die KUH sê dit is onwaarskynlik dat die universiteit dié erkenning en ondersteuning sal bly geniet indien dit nie iets aan die georganiseerde gemeenskap teruggee nie. Die universiteit moet terselfdertyd die werklike beperkings erken wat deur die gemeenskap op hom geplaas word - soos private skenkings wat vir bepaalde projekte bedoel is, en die prioriteite wat deur die staat neergelê word in sy besteding van geld deur die subsidie-formule.


Weer eens verskil die KUH se siening van die kwessie van aanspreeklikheid teenoor die georganiseerde gemeenskap drasties van dié wat deur die ondersteuners van People's Universities nagestreef word.

Durand sê dit is vanselfsprekend dat die staat en die georganiseerde sakewêreld steeds 'n belangrike rol sal bly speel in die beperking van universiteite se outonomie, maar die moontlikheid van 'n baie wyer gemeenskapgerigte vorm van aanspreeklikheid moet oopgelaat word.

Dit spreek vanself dat die klem op aanspreeklikheid van die universiteit teenoor die gemeenskap ook weerspieël sal word in die interne hiërargie van besluitneming. Die voorstaanders van People's Universities stel dit duidelik: Daar sal wegbeweeg moet word van die elitistiese Britse stelsel van een-professor-een-stem.

Terwyl ekstreme voorstelle wat alle onderskeid tussen die verantwoordelikheid van die administrasie en dié van die akademici ophef, vermy moet word, sê Durand, sal universiteite op so 'n manier oor hulle akademiese integriteit moet waak dat die beskuldiging van outoritarisme nie teen hulle ingebring kan word nie.

*In 'n volgende artikel sal ingegaan word op die kwessie van die Afrikanisering van Suid-Afrikaanse universiteite. VW



# OPVOEDING VIR DIE MASSAS

Die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) beskou homself vandag as 'n *People's University*, skryf **CHRISTELLE TERREBLANCHE**. Ander beskuldig dié universiteit daarvan dat hy 'n "intellektuele supermark" is. Maar hoe werk die opvoeding aan dié universiteit in die praktyk?

Die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) was nog altyd omstrede. Met sy stigting in 1960 as 'n etniese instelling vir die sogenaamde "Kleurlinge", is hy vanweë sy ligging gou tot Boskollege herdoop. Progressiewes en die bruin gemeenskap het dié universiteit summier verwerp.

Studenteverset in die sewentigerjare het die doodsklok vir die universiteit se Broederbond-bestuur gelui en onder prof Richard van der Ross en later Jakes Gerwel het die universiteit gaandeweg meer geloofwaardigheid gekry. Studente het, so word spottenderwys gesê, dit nie meer onder protes bygewoon nie, maar om protes aan te teken.

Die kampus was regdeur die sewentiger- en tagtigerjare die toneel van gewelddadige botsings tussen studente en die polisie, maar het nogtans teen alle verwagtinge in bly groei. Nadat die UWK uiteindelik, teen die regering se sin, die deure vir alle Suid-Afrikaners oopgegooi het, het stemme van ontevredenheid weer uit ander oorde begin opklink. Veral die "standaarde" en "toelatingsvereistes" kom voortdurend onder skoot.

Maar die universiteit is onomkeerbaar verbind tot "opvoeding vir die massas" toe die nuwe rektor, prof Jakes Gerwel, met sy inhuldiging in 1987 die ouers en studente gevra het om "saam met ons die nag in te stap.. Ons werk in die geloof dat ons na 'n nuwe dag beweeg. Ons praat van onsself as die universiteit van die toekoms."

Vandag beskou die UWK homself as 'n "People's University", wat die beginsels van uitnemendheid, relevansie en toeganklikheid as maatstaf stel vir die "intellektuele tuiste van die linkses".

Maar wat van die talle aanklagte dat 'n universiteit nie vir die massas bedoel is nie, dat die UWK noodwendig standaarde moes opoffer ter wille van groter toeganklikheid en sy "lukrake" toelatingsvereistes? Kritiek oor die UWK se "hoë politieke profiel" hou ook nie op nie.

Verlede week skryf Dawie nog in Die Burger oor die vermeende foute van die Arbeidersparty, die ANC en die SAKP en verwys na 'n "ander bruin instelling", die UWK, waar dinge glo verkeerd sou gaan. "Dit het gelyk of sogenaamde 'impi's' die hef in die hande kry en die UWK die enjinkamer van die revolusie wou maak. En toe prof Jakes Gerwel vol bewondering vir Kuba terugkeer van daardie supervoorbeeld van Marxistiese agterlikheid, het mense eers begin wonder oor sy idee van die UWK as 'n 'sentrum vir linkse denke'."

Sommige sien die UWK as 'n geval van die pasiënt wat vir die dokter voorskryf en vra: "Van wanneer af kan die massa dink?" Ander beskryf dit bloot as "'n intellektuele supermark" of "egalitariese instelling vir die bevordering van vrye en gelyke sub-geletterdheid", wat "massa-middelmatigheid en pseudo-baccalaureate" produseer.

Prof Stanley Ridge, dekaan van die Fakulteit van Lettere, sê dis "effens onverantwoordelike skinderpraatjies" en sê die UWK se eksterne eksaminatore se algemene kommentaar is dat die UWK se standaarde eerder 'n rapsie te hoog as te laag is. Die eksaminatore kom van die groter universiteite, onder meer van Stellenbosch, wat self selde van eksterne eksaminatore gebruik maak.

"Ons studente staan te eniger tyd hul man," sê Ridge. "Op die ou end sal baie van die geskille bygelê word deur die soort mense wat ons produseer en die werk wat hulle lewer."

Gesprekke met UWK-dosente wys dat daar wel groot kommer is oor die standaarde van mense wat afstudeer.

Sedert 1986 het die UWK se studentetal verdubbel en tot verlede jaar is almal toegelaat wat met minimum matriekvereistes aansoek gedoen het. "Ons het gegroei dat dit seermaak," sê Ridge. Tog het die regering die universiteit se subsidie met 52 persent gesny, wat dit nou die armste maak wat bronne en beskikbare fondse betref. "Ons word gestraf vir ons groei," sê Gerwel dikwels.

'n Demper moes op die groei geplaas word. Sedert verlede jaar neem die UWK die eerste 80 persent beskikbare plekke voor die voet op lukrake wyse in. Die orige 20 persent word na verdienste toegelaat, as korrektief vir die lukraakheid. "Die rede is dat navorsing aan verskeie universiteite ons ondervinding staaf dat daar juis 'n lukraakheid aan DET- en ander matriek-eksamens is. Dit is feitlik nooit 'n goeie aanduiding van 'n student se potensiaal nie," sê Ridge.

Hein Willemse, dosent in Afrikaans, sê uit sy ondervinding by die UWK is skooluitslae eerder 'n verslag van lyding as van potensiaal. "Ons kan nie sê Bantoe-onderwys is te sleg, ons kan nie sy produkte toelaat nie."

Gerwel sê in die jongste uitgawe van die UWK se nuusbrief dat die samestelling van die studente-bevolking 'n saak van erns is, omdat hulle van die UWK 'n ware nasionale universiteit wil maak. Toe hy vier jaar gelede aangestel is, was ses persent van die studente swart. Verlede jaar was dit 30 persent.

"Ons probeer die regte geslags-proporsie en die landelik-stedelike balans handhaaf. En ten laaste kyk ons ook na sosiale klas - om te verseker dat die werkersklas-studente genoegsame toegang tot ons universiteit het.

"Ons is nie apologeties oor die toelatingsbeleid nie," sê Gerwel. "Ons erken ons het tekortkominge, maar van al die Suid-Afrikaanse universiteite het ons die een poging aangewend om 'n toelatingsbeleid daar te stel wat maatskaplik en eties verdedigbaar is."

Volgens hom het die universiteit bereken dat 1 000 van die 2 100 mense wat verlede maand grade verwerf het, nie by enige ander universiteit toegelaat sou word nie.

Maar hoe werk die UWK in die praktyk? Sal jy jou kind na die UWK stuur?

Ridge sê in sekere opsigte vereis studie aan die UWK heelwat meer intellektuele toewyding. "Ons het 'n stelsel van akademiese ontwikkeling, eerder as akademiese steun. Ondersteuning beteken dat jy heeltyd oor jou skouer kyk om te sien wie nog nie ingehaal het nie, en impliseer 'n yslike hoop vaardighede wat bemeester moet word voordat jy kan ontwikkel.

"Van die studente eis dit meer verantwoordelikheid om te leer en na te dink. Dikwels vind dosente en studente wat van elders hierheen kom dat hulle moet jaag om in te haal. Dit beteken nie noodwendig hoër standaarde nie, maar dat mense hulle gedurig moet afvra of hulle ingestel is op die soort vrae wat in die groter gemeenskap gevra word."

Hy verduidelik dat die gemeenskap, vakbonde en professionele verenigings se mening gevra is toe die hertoelating van mense wat ná twee jaar 'n akademiese agterstand opgebou het, ter sprake gekom het.

Die UWK sien sy gemeenskap primêr as die onderdruktes. As sake oor die volgende vyftig jaar normaliseer, sê Ridge, sal die UWK weer vir die gewone mens oopgestel word.

Die universiteit verwerp aantygings dat hy 'n ideologiese broeikas en sektaries is. Ridge sê die intellektuele tuiste van die linkses beteken: "As jy tuis is, het jy 'n sekere mate van vryheid om jouself uit te druk, maar dit beteken ook jy moet jou huis bedryf. Jy het 'n verantwoordelikheid om jou idees in substantiewe werklikhede om te skep. Werk dit nie nie, het jy misluk - en dit is die deurslaggewende filosofie agter die UWK." VW

# URBAN

## *but not, distinctly not*

## URBANE

*There are lots of places in our cities where one can make money. But where are the spaces for people to meet, to play, to speak, asks* **ALAN LIPMAN.** *Find, if you can, nooks for buskers, street-bands, entertainers. Wander through the city: patches of lawn protected by walls and railings that defy human backsides, promising damage most dread...*



Droll thing, memory. Especially after thirty years. Now back in South Africa, more and more frequently I experience intense recalls, play-backs, that occur only on returning physically to places. There, with startling immediacy, fragments, quirky remnants of lost recollections, surface. Time-locked but vivid snapshots - on occasion whole movie clips - bump, shove, crowd into consciousness; into, to be sure, strictly South African, black and white, awareness. Nowhere more than in the plush, lush suburbs of long-ago youth; of Jo'burg, Cape Town, Durban ... even Vrede, OFS. Nothing more abruptly reminiscent of South Africa than looking - transposed, jolted again to callow greenness - at "intruders" on the gardened streets of comfy suburbs. Seeing once more the black, brown, olive (how to escape this colour-besotted storehouse of the mind?), the ever-present "outsiders": aliens.

Droll thing, memory. Especially when today echoes the past so fixedly. Now as then, "off-time" appears to be spent in left-over suburban spaces: watching from beside "the madam's" gate; walking verdant streets that serve other people's homes; sitting, chatting, playing cards, feeding infants at uncomfortable kerb-sides; relaxing on sidewalk lawns to which access is usually work-bound - planting, mowing, trimming, tending. Now as then, fracturing the genteel quiet with spirited, convivial talk, with rocking, head-back laughter, with rhythm, song. Now as then, bringing vibrancy to the rarefied, privatised world of suburban privilege; a world throbbing, one imagines, with the discreet charm of the bourgeoisie.

Now as then, necessary and ingenious appropriations of space, blurring of public/private conventions, the make-shift social clubs of the street, ad hoc conversions of residual spaces to sociable, lived-in places. Everyday refusals of no-place, anyplace. Daily reachings, in grossly limiting conditions, for space to be, for urbanity.

Urbanity. What am I getting at? Urban spaces, physical places, are, patently, not urbane in and of themselves. They are made so by the people who have used and now use them; by the ways in which, characteristically, they are used, by the qualities which their users give them. So, in trying to identify this facet of urbanity in a town or city, one seeks out places in which people regularly come together, usually but not necessarily informally.

Places - often interstitial gaps, nooks, recesses as well as small squares, plazas - where folk gather with others, to be with them, to be seen, to see, to watch that ceaselessly fascinating spectacle, other people. Places where singly or in groups they stand about, stroll, sit, eat, drink, talk, play dice, chess ... where they can be participants in the public world about them and/or spectators of that world - where they can engage with civil society, contribute to and share in urban life. Of course, features of and objects in the physical world may well become associated with, facilitate such social activities, such public events. Suntraps seem particularly helpful, so do trees and water and food and, most of all, seats. Downtown South Africa offered precious little of this three decades ago. Folk in, say, central Cape Town enjoyed not too distant access to The Gardens with that singular, that majestic backdrop. Those in Johannesburg might wander, across railway tracks, into the peripheral (now brutally truncated) Joubert Park. There was then, at the edge of the commercial centre in Durban, a bedraggled Medwood Gardens; now an urban delight with its gentle pool, meandering path, outdoor snack-bar, discrete spaces, seating in shaded corners, giant chessboard ... people.

But, then as now, little to speak of at the cores of these cities; not, for sure, Cape Town's inhospitable Parade, the bleak forecourt to Jo'burg's Public Library, or Durban's rail-blighted Victoria Embankment.

So in city areas, as in suburbia, my correspondences of memory and present experience have been discouragingly direct. Downtown remains as innocent of urbane settings as in years past. Now, however, at least two other factors are at work.

As elsewhere, the practices and ethos, the pragmatics and ideology - the power - of consumer capitalism prevail, seldom more crassly, more crudely. It's rapid turnover: "Grab the quick buck, go for the big sell", "Get 'em in, get 'em out, fast", "Move the merchandise". Downtown has become a mechanism for processing consumers. Time and space are money; chatting, strolling, watching other "punters" are not. Urbanity is, quite simply, not a money-spinner. And, of course, the racial composition (an unlovable, colour-fixated notion) of central-city and adjacent areas has changed. "Black" traders, shoppers, residents and others have arrived and, coincidentally (?), "whites" have departed for outlying business parks, shopping malls, town houses. Commonly, indeed regularly in such circumstances, resources have been redirected; leaving the changed, changing centres in relative neglect, and worse.

Environmental props for everyday street theatre have, quite simply, not been on the agenda. Consumerism and spatial apartheid conjoined.

The signs of this are clear. Take Johannesburg, putative dynamo of urban South Africa. Pedestrian precincts, like Eloff Street, unencumbered by trees under which one might comfortably stand, by building ledges on which briefly to sit, by facilities for hawkers, by kiosks, open-air cafes, drinking fountains, racks for parked bicycles ... by seats other than "shove-off-quick" backbenders at bus stops. Unspoilt by distractions from serious shopping; pools and fountains at which few but gymnasts sit restfully; polished, sloped, marble parapets exacting muscular dexterity from hardy sitters ... fierce cacti warning off the footsore. The goal - maximum discomfort?

There are, though, also hints at what might be. Consider, as one of the two or three examples, the amenity-filled area at the foot of that glitzy Johannesburg Sun: trees, pools, a cascade, stepped paths, bushes and ground cover, shaded benches grouped in off-pavement alcoves, discrete spaces by the water, parapets of width and height suitable for sitting, a food kiosk, a newspaper and magazine vendor, street artists, hawkers, photographers, hucksters ... people.

Urbanity: for the politically tough-minded probably a trivial, a piddling loss of spatial apartheid. Maybe. Apparently, South African democracy doesn't call for places of everyday, informal contact. Seemingly, there's no need to come out from the exclusive clubs, shebeens and other segregated lairs into civil, open, public, life. Maybe. VW

# 17 000 Jode in lewensgevaar

JERUSALEM. - Uit vrees vir die lewens van die 17 000 Etiopiese Jode wat vasgekeer is in Etiopië, waar pres Mengistu Haile Mariam se bewind op die punt staan om tot 'n val te kom, tref Israel nou reëlings om dié mense te gaan haal.

Dit kan 'n moontlike slagting afweer in die deur rebelle omsingelde hoofstad Addis Abeba, waar die meeste van die Jode vasgekeer is.

Rehamin Elazar, 'n leier van die Falasjas in Israel, sê: "Wanneer ons oor die telefoon met ons broers in Addis Abeba gesels, sê hulle hulle bewe van die angs oor die doodsgevaar waarin hulle verkeer. Hulle sê die grens kan te eniger tyd gesluit word."

Hy sê Israeliese diplomate in Addis Abeba probeer die Jode moed inpraat deur hulle te verseker dat 'n Operasie Vlieënde Tapyt beplan word om hulle in veiligheid te bring. Die VVO kan dalk hand bysit.

In 1984 het Israel 10 000 van die sogenaamde "swart Jode", wat as Falasjas bekend staan, met 'n geheime lugbrug met die kodenaam Operasie Moses na Israel gebring. Die ontruiming is egter gestaak toe dit wyd bekend gemaak is deur die media en groot protes uitgelok het. Altesame 20 000 Etiopiese Jode woon al in Israel.

Oud-senator Rudy Boshwitz van die VSA het verlede week in opdrag van pres George Bush na Etiopië gevlieg. Daar word gemeen dat sy sending verband hou met die beoogde ontruimingsplan.

"Daar's nie meer baie tyd oor nie. Ons moet ons broers nou dringend gaan help," sê David Molla, nog 'n leier van die Falasjas in Israel. Hy is daarvan oortuig dat die Jode in Addis Abeba uitgemoor gaan word as die rebelle die stad inneem.

'n Amptenaar van die Joodse Agentskap, die liggaam wat Joodse immigrasie in Israel beheer, sê die agentskap en die Israeliese departement van integrasie en behuising het 'n gesamentlike komitee aangestel om ondersoek in te stel na die probleme van die Etiopiese Jode. Die komitee moet binnekort 'n verslag aan premier Yitzhak Shamir voorlê.

Sedert die lugbrug in 1984 het Falasjas aangehou om na Israel te verhuis. Heelparty het getrek as deel van 'n program om families te herenig wat begin is nadat Israel en Etiopië in 1989 weer diplomatieke betrekkinge aangeknoop het.

Sedert begin vanjaar het sowat 800 Etiopiese Jode per maand op die Lughawe Ben Gurion in Tel Aviv aangekom.

Die departement van integrasie sê die verwagte nuwe vlaag van Etiopiese Jode sal aanvanklik in 3 000 hotelkamers gehuisves word. 'n Dringende bouprogram is begin om vaste behuising aan hulle te verskaf.

Intussen het Michael Kleiner, die voorsitter van die immigrasie-komitee van die Israeliese parlement, 'n pleidooi gelewer dat indien pres Meginstu tot 'n val kom, hy en sy gesin asiel in Israel moet kry uit erkenning vir sy "optrede ten gunste van die Joodse mense". - CHARLY WEGMAN (AFP)

# Neerslagtige Werkersdag op die Rooiplein

MOSKOU - Die mense het gekom en balonne en papierblomme in die lug rondgewaai, maar die talle neerslagtige uitdrukkings en protesplakkate by die Werkersdag-optogte Woensdag deur vakbonde in die Sowjet-Unie het getuig van die ontevredenheid en woede met die stygende pryse en die vrees vir die toekoms.

Altesame 15 000 tot 20 000 mense het op die sonnige Rooiplein vergader om na toesprake deur vakbond-, jeug- en kultuurleiers te luister.

Dié jaar was daar geen militêre parade nie. Oorlogsveterane en vakbondlede het eenvoudig tot op die plein gemarsjeer waar hulle gestaan en luister het na die amptelik goedgekeurde optog wat ook oor die nasionale Sowjet-televisie uitgesaai is.

Die amptelike sprekers is toegejuig, maar toe aangekondig is dat die radikale opposisieleiers - onder andere Boris Jeltsin en die burgemeester van Moskou, Gavril Popov - besluit het om tuis te bly, het 'n paar mense hulle ontevredenheid luid te kenne gegee.

Die Tass-nuusagentskap het verwag dat 50 000 mense by die vergadering gaan opdaag. Die sprekers het vergeefs probeer om die mense oor te haal om politieke slagspreuke te skree.

Die mense het wel die Rooivlag en amptelike baniere rondgeswaai, wat "vrede en vriendskap tussen mense" verkondig, maar daar was baie meer plakkate wat die regering gekritiseer het vir sy hantering van die ekonomie.

"Chemiese werkers moenie minder as die mynwerkers verdien nie!" was die boodskap op een plakkaat wat verwys na die regering se belofte om die lone van die stakende mynwerkers te verhoog.

"Weg met die die vyf persent belasting," sê 'n ander, en verwys na die ongewilde verkoopbelasting wat deur pres Gorbatsjof ingestel is.

"Vakbonde moet pryse beheer", "Ja vir 'n indekswet (van salarisse en pryse)", verwys na verlede maand se aankondigings deur die regering dat pryse ingrypend verhoog word. Dié aankondigings het wydverspreide oproer tot gevolg gehad het.

Een plakkaat het 'n bokser in die kryt uitgebeeld. In sy een hand het hy 'n werker en aan die ander 'n bokshandskoen met die woord "pryse" daarop. "Jy wil 'n markekonomie hê, jy gaan dit kry," is die boodskap op die plakkaat.

Aan die een kant van die plein - dit is nie op televisie uitgesaai nie - het ongeveer 200 pro-Stalinistiese betogers vergader. Hulle het die portret van Stalin in die lug geswaai en luid protes aangeteken teen "privatisering" en die herstel van diplomatieke bande met Israel. Hulle het ook gevra vir die "bedanking van Gorbatsjof en Jeltsin".

Opvallend was die afwesigheid van die groot portrette van Lenin, Marx en Engels wat in die verlede 'n ereplek langs die plein ingeneem het.

Duisende polisiemanne het die Rooiplein afgekordon en net mense met uitnodigings deurgelaat. Verlede jaar tydens die Werkersdagoptog is die amptelike vakbonde se optog gevolg deur 'n "informele" optog van tienduisende mense wat Gorbatsjof uitgejou het. Verlede November, tydens die viering van die Bolsjewistiese revolusie, het 'n eensame gewapende figuur twee skote in die rigting van die praalgraf gevuur voordat hy in hegtenis geneem is. - FRANCIS CURTA (AFP)






# Iere skepties oor toekoms

BELFAST. - Noord-Ierland se Protestantse Unioniste, wat steeds emosioneel vasklou aan hul provinsie se bande met die Britse regering, beskou die huidige veelparty-samesprekings in Belfast oor die provinsie se toekoms met gelatenheid, eerder as geesdrif.

Hoewel hulle verdeeld is oor die toekoms wat hulle wil hê, wil die meeste van hulle die samesprekings gebruik om ontslae te raak van die Anglo-Ierse ooreenkoms van 1985 wat die Republiek Ierland vir die eerste keer 'n beskeie seggenskap in die Noorde se sake gegee het.

Die Unioniste wil ook hê die Republiek Ierland moet 'n omstrede klousule in sy grondwet afskaf wat aanspraak maak op soewereiniteit oor die hele Ierland.

Dié aanspraak, sê een van die deelnemers aan die samesprekings, is "onwettig, aanstootlik en gee die Ierse Republikeinse Leër 'n sekere mate van geloofwaardigheid".

Die geheime Ierse Republikeinse Leër (IRA), wat nie by die samesprekings in Stormont Castle verteenwoordig is nie, veg om hereniging van die land wat in 1921 in twee verdeel is.

Die skeiding het 'n staat in die noorde geskep waarin die Protestante - 'n minderheid in die land as geheel - 'n meerderheidstem geniet het, asook voortgesette bande met die Britse Kroon, wat die ganse Ierland tevore geregeer het.

Baie Unioniste - wat dikwels ook Lojaliste genoem word - het die Anglo-Ierse ooreenkoms beskou as die eerste klein stap wat kan lei tot 'n oorwinning deur die IRA. Dié siening word verkondig deur Sammy Wilson, wat die Demokratiese Unioniste-Party (DUP) van eerw Ian Paisley by die samesprekings verteenwoordig.

Die Anglo-Ierse ooreenkoms was "verraad" wat "die regering van 'n ander land toelaat om Noord-Ierland te regeer of seggenskap te hê in die land se regering", het Wilson vandeesweek gesê.

"Daar's 'n hangtou om ons nekke en ons wil maniere vind om dié tou los te maak," het Wilson gesê in 'n klassieke uitdrukking van die Lojaliste se tradisionele "beleëringsmentaliteit".

Die DUP is die mees populistiese en radikale van die twee groot parlementêre Uninioniste-partye en verteenwoordig merendeels plattelandse en fundamentalistiese Protestante.

In teenstelling met die meer middelklas-gerigte Ulster Unioniste-Party (UUP) onder leiding van James Molyneaux, wil die DUP hê daar moet teruggekeer word na die plaaslike outonomiteit wat die provinsie geniet het tot 1974, toe Brittanje sy regstreekse heerskappy aan die land opgedwing het.

Voor 1974 is die plaaslike parlement, wat in die einste Stormont Castle gesit het, verreweg oorheers deur die Protestante - wat sowat 65 persent van die Noord-Ierlandse bevolking van 1,5 miljoen uitmaak.

"Ons wil 'n plaaslike regering hê wat vir algemene landsake verntwoordelik is. Die regering in Londen gryp elke geleentheid aan om ons te verraai," het Wilson gesê.

Molyneaux se party, aan die ander kant, wil hê dat Noord-Ierland eenvoudig saamsmelt met die Britse politieke bestel, eerder as om na vorige politieke strukture terug te keer,

Die UUP se adjunk-president, Ken Maginnis, het verduidelik: "Die Unionistiese gemeenskap beskou homself nou al 70 jaar lank as beleër deur die Republiek Ierland. Dié vrees is gedurig versterk deur die vlae terroristiese geweld teen ons gemeenskap. Dit het daartoe gelei dat die stemming van 'n loopgraaf-oorlog die gemeenskap lank oorheers het.

"Ons het besluit ons kan dié oorlog-mentaliteit nie langer duld nie. Ons wil na ons eie sake omsien deur konsensus en ooreenstemming."

Maginnis som die houding van sy kiesers jeens die samesprekings só op: "My mense is hoopvol, maar het al te veel teleurstellings ervaar om baie optimisties te wees."

Gesels jy met die mense in Shankill Road, in die Protestantse hart van Belfast, klink dergelike sienings egter na iets van 'n ander planeet. "Niks het die laaste twintig jaar verander nie," sê Liz Seawright van die Shankill Gemeenskapsentrum. - PHILIPPE AGRET (AFP).



Vrye Weekblad, 3 - 9 MEI 1991

ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

# Wat ís *die rol van* die resensent?

Resensente: is hulle werklik nodig? Daar is een probleem met dié vraag, en dit is nooit duidelik gemaak nie in gisteraand se *The John Berks Show*, wat einste dié vraag as sy onderwerp gehad het.

Nee, resensente is inderdaad nie nodig nie. Hulle kan aan die heil van 'n teater-opvoering, TV-reeks of rolprent nie veel van 'n verskil maak nie. Soos een van die resensente tydens die opname gesê het: hy kan wel sorg dat die deure van 'n opvoering gouer sluit met 'n slegte resensie bloot omdat mense dan wegbly. Maar as iets sleg is, sal geen goeie resensie dit red nie. Dit hang van die produksie self af of dit op die ou end gaan slaag of nie. En wat rolprente of TV-programme betref: hoeveel keer het dit nie al gebeur nie dat 'n resensent gal braak oor 'n produksie en dan beland die betrokke program óf heel bo aan die top-tienlys óf oorleef eenvoudig alle loketrekords.

Resensente is dus nie nodig nie, maar hulle kan wel 'n diens lewer. Aan sowel die publiek as die akteurs. En dit is oor die gehalte van dié soort diens wat ons land se resensente deesdae lewer dat akteurs, regisseurs, vervaardigers en aanbieders aan die een kant en resensente, joernaliste en koerantredakteurs aan die ander kant mekaar op M-Net se *John Berks Show* gepak het.

Dit is 'n onderwerp wat beslis 'n debat werd is. Daar is seker heelparty resensente wat al gewonder het wat akteurs/regisseurs van hul resensies dink. En seker heelparty akteurs wat gewonder het wat 'n resensent besiel het om te skryf wat hy geskryf het. Ook is soveel uiteenlopende menings gelug dat koerante met vrug die debat kan voortsit.

Wat 'n mens egter gehinder het omtrent die program was dat die bespreking nooit tot 'n punt gekom het nie, waarskynlik omdat so 'n ongelooflik wye onderwerp gekies is. Dit is bykans onmoontlik om in een uur sinryk te kan praat oor TV-, rolprent-, drama- en nog restaurantresensies ook. As die onderwerp nie so vaag was nie en die programleier - in dié geval John Berks - meer gekonsentreer het op 'n sentrale onderwerp, kon die bespreking uiteindelik 'n baie leersame ondervinding gewees het vir resensente en insiggewend vir kykers tuis. Nou is 'n mens net gelaat met 'n magdom interessante menings wat so half in die lug hang.

'n Punt wat wel deur meer as een van die deelnemers gestel is en een wat dalk as die onuitgesproke slotsom van die program kan dien, is dat resensente net so deel is van die vermaaklikheidsbedryf as die akteurs self. Hulle wek belangstelling by die publiek vir die fliek, opvoering of TV-program waaroor hulle skryf - goed of sleg. Hulle lig die publiek in. Was hulle nie daar nie, sou die publiek dikwels nie eens geweet het van die bestaan van 'n sekere teaterstuk of rolprent nie. Alex Jay het hierby aangesluit met sy opmerking dat Berks miskien juis so 'n media-persoonlikheid is vanweë sy foute.

Pat Rogers het 'n vermaaklike bydrae gelewer deur te sê hy dink die motivering vir die betrokke program was hoeka negatiewe kritiek wat Ian Gray van die *Sunday Star* gehad het oor Berks se program, waarna Berks glo 'n paar oggende daarna "die speelgoed uit sy wiegie gegooi het"...

Gray Hofmeyr het opgemerk 'n mens moenie alles wat resensente sê ernstig opneem nie; wat op die ou end tel, is hoeveel mense het jou werk geniet. Bill Faure het die punt gestel dat resensente in ag moet neem vir watter teikengehoor 'n betrokke program gemaak is en vir daardie gehoor moet skryf.

John van Zyl en Roy Christie, die redakteur van die *Star Tonight*, het weer gesê dit is hulle ondervinding dat die publiek 'n resensent aanvaar as iemand met 'n sekere smaak en as hulle meen hulle smaak stem met syne ooreen, aanvaar hulle sy mening. Indien nie, steur hulle hulle eenvoudig nie aan hom nie.

'n Baie vermaaklike oomblik in die program (wat reeds vanweë die aard van die bespreking en die persoonlikhede van die deelnemers buitengewoon lewendig was) was toe die arme Tony Sanderson die SAUK en resensente daarvan beskuldig het dat dit hulle skuld is dat hy sy werk by die SAUK en sy geselsprogram kwyt is. Hy het selfs so ver gegaan as om 'n apologie van die TV-resensent John van Zyl te eis omdat dié hom 'n "rassis" sou genoem het. Sanderson se kordaatheid was nie van lange duur nie...

Ten slotte kan 'n mens van die program sê dat dit werklik vermaaklike kykstof was en - getrou aan die beleid van M-Net en Radio 702 - eerlike, verteenwoordigende menings gekry het oor 'n potensieel omstrede onderwerp. Iets wat nie so dikwels gebeur op die kanale van die SAUK nie. Net een vraag: waar was die Afrikaanse resensente? *The Star* is tog sekerlik nie die enigste koerant in Suid-Afrika nie?

### PROBEER LA LAW TE HARD?

Is dit verbeelding of was die eerste episode van die nuwe *LA Law*-reeks nie heeltemal so goed as wat 'n mens verwag het nie? Die hofsake was nog daar - en nog net so vurig, ontstellend en realisties as voorheen. Maar dit was al asof die skrywers met die opvulstories 'n bietjie uitgeskryf is: al daardie soetsappige detail rondom Stuart se hartaanval, die lang, liefkosende skote van die stad voordat by die storie uitgekom word, 'n minute-lange film van Abby wat haar seuntjie in die motor laai... Maar, dalk word alles nog in die opvolg-episode Saterdag gemotiveer. Hoe dit ook al sy, die invoer van die bitterbek Rosalind Shays en veral soos gespeel deur Diana Muldaur (sy met die dun lippe) was beslis 'n kreatiewe meesterplan.

Nog 'n reeks wat nie heeltemal aan die verwagtinge voldoen het nie, is M-Net se *Road to Avonlea*, wat Saterdagaande om 7nm. uitgesaai word. 'n Mens het iets in die trant van *Anne of Green Gables* verwag; met ander woorde, grootmensvermaak in 'n jeugdige omhulsel. (Amper soos *Peanuts*, waar grootmensfilosofieë en -emosies deur kinders verwoord word.) Ongelukkig is dié net jeugvermaak, met tipiese meisie-kosskoolstories teen die landelike agtergrond van Avonlea.

Die inkleding is egter steeds pragtig, en die kinders oulik genoeg om mense wat van onder meer *Die Waltons* hou 'n uur se goeie, skoon gesinsvermaak te bied.

### SWART MUSIEK SE TV-OPLEWING

Mango Groove se musiek kan kwalik as "swart" musiek bestempel word, maar dit is tog opvallend dat daar deesdae beslis meer aandag gegee word aan die sogenaamde Afrika-klank op TV.

Mango Groove se *The Concert* word nou al selfs 'n derde keer op die kanale van die SAUK uitgesaai. Eers was daar die *Mango Groove Special*, wat in Desember op TV4 vertoon is. Toe word die program 'n tweede keer uitgesaai, maar op TV2/3 met beeldmateriaal wat nie in die TV4-weergawe gewys is nie. Donderdagaand se TV1-program Mango Groove - The Concert is 'n korter weergawe van die TV4-program.

Die program is 'n regstreekse opname van die groep se uitvoering in Johannesburg en bevat van hulle gewildste liedjies, soos "Move up", "Island Boy", "Taken for a Moment", "Special Star" en "Trouble Tonight".

Mango Groove het met die onlangse OKTV-prysoorhandigings nie minder nie as vyf pryse ontvang, waarvan twee spesiale eerbewyse was vir buitengewone prestasies op trefferparades.

Die program is vervaardig deur Sergio Jofre.

Donderdagaand word die tweede episode van die plaaslike musiekreeks op M-Net, African Wave, vertoon. Dié keer is *Lady_smith Black Mambazo* die onderwerp, 'n Suid-Afrikaanse groep wat saam met Stimela internasionale bekendheid verwerf het met hul deelname aan Paul Simon se langspeler *Graceland*.

Die episode word om 8nm vertoon.

Wees ook op die uitkyk na die dokumentêre program *The Making of The Doors'*, wat Dinsdagaand om 8:30nm op M-Net uitgesaai word. Dit is Oliver Stone se jongste rolprent en 'n huldeblyk aan die popster Jim Morrisen, wat op 27-jarige leeftyd dood is, en sy groep uit die jare sestig, The Doors. Interessant is dat die vervaardigers glo jare gelede al vir Stone gevra het om die draaiboek te skryf, waarna dit op die rak bly lê het. Destyds is gedink aan Brian De Palma as 'n moontlike regisseur en John Travolta as moontlike hoofspeler. Stone het egter die betreklik onbekende Val Kilmer gekies vir die rol van Morrisen.

VW

## HOOGTEPUNTE

**VANDAG:**

* "Christine", gegrond op een van Stephen King se mees bloedstollende romans - indien so iets moontlik is. Om 9nm op M-Net, met Keith Gordon as die puisie-tiener wat deur sy 1958-model motor gemanipuleer word.
* "What's up, Doc?", een van die snaaksste flieke van Barbra Streisand en Ryan O'Neal. Om 9:04nm op TV4.

**MÔRE:**

* 'n Nuwe aflewering van "Katts and Dog" oor 'n polisieman en sy hond begin om 6nm op TV4.
* Die kultus-wetenskafiksieprent "Blade Runner", met Harrison Ford as die buite-ruimtelike polisieman, om 9:30nm op TV1. Ridley Scott is die regisseur.
* 'n Her-uitsending van die mini-reeks "Strong Medicine" om 11vm op M-Net. Gegrond op die blitsverkoper van Arthur Hailey, met Pamela Sue Martin en Annette O' Toole in die hoofrolle as twee vriendinne wat nie eensgesind is oor loopbane en kinders nie.
* "Micki and Maude", 'n prettige Dudley Moore-komedie. Om 8:30nm op M-Net.

**SONDAG:**

* "Journey to the Forgotten River" om 5nm op M-Net. 'n Dokumentêre program oor die gevaarlike trek van diere van die uitgedroogde Savuti in Botswana na die Linyatirivier. Peter Strauss is die verteller.
* Die begin van 'n nuwe aflewering van "China Beach" om 6nm op M-Net.
* Vir liefhebbers van dinosourusse: "Story Break" se verhaal oor 'n skaam stegosourus om 1:35nm op TV1.
* "Summer Stock" met Judy Garland en Gene Kelly om 9:04nm op TV4.

**MAANDAG:**

* "Da", 'n nostalgiese verhaal oor die stormagtige verhouding tussen 'n seun en sy bejaarde pa. Om 7nm op M-Net. Martin Sheen en Barnard Hughes vertolk die hoofrolle.
* 'n Nuwe reeks van "Webster" begin om 4:30nm op TV1.

**DINSDAG:**

* "Entertainment International" om 10:47nm op TV4 gesels onder andere met Judith Krantz, prulskryfster.
* 'n Nuwe weergawe in mini-reeksvorm van die Oscar-wenner van 1961, "Two Women", weer met Sophia Loren as die weduwee wat met haar dogter vlug, maar op pad na Rome verkrag word. Om 7nm vanaand en Woensdagaand op M-Net.
* "The Making of 'The Doors'" om 8:30nm op M-Net.

**WOENSDAG:**


* "Robert Cray", 'n spesiale program oor dié blues-kitaarspeler, om 10:25nm op M-Net.
* Die slot-episode van "The Big Time" om 7nm op TV1. Aanstaande week begin die regisseur Hanro Möhr se "Trucking".

**DONDERDAG:**

* "The World of Baby Animals" om 12:30nm op M-Net.
* "The Making of 'Havana'" met Robert Redford en Lena Olin. Om 5nm op M-Net.
* "African Wave" om 8nm op M-Net.
* "The World at your Feet" om 11:30nm op TV1 is 'n dokumentêre reeks oor wat 'n groep stappers in verskillende wêrelddele sien. Hier besoek hulle Australië en onder meer dié land se tropiese reënwoude.

# Tyson is straks binnekort weer wêreldkampioen, maar...
# Die ou hoogtes sal 'Iron Mike' altyd ontwyk

Die vraag is nie of *Mike Tyson* weer die onbetwiste swaargewig-bokskampioen van die wêreld gaan word nie, maar wanneer. Hy het eenvoudig te veel krag, vaart en vernuf vir die ander swaargewigte, soos hy onlangs teen die Kanadese uitklopkoning *Razor Ruddock* gewys het. Maar kan hy die ontsaglike belofte wat hy as 20-jarige getoon het, gestand doen? **TINUS HORN** gee sy indrukke




Wanneer 'n bokser wat iets werd is 20 jaar oud is, begin hy dalk 'n loopbaan in die beroepskryt oorweeg. Op daardie ouderdom was Mike Tyson die onbestwiste swaargewigkampioen van die wêreld.

Dit is dus g'n wonder dat hy vroeg uitgebrand en afgerem was nie; 'n persoonlike lewe wat Madonna soos 'n non laat lyk, het die proses net versnel.

Nou is hy op pad terug en daar kan min twyfel wees dat hy die titel wat hy vyf jaar gelede by Michael Spinks afgeneem het, weer syne gaan maak.

Die huidige kampioen, Evander Holyfield, se middelmatige vertoning teen George Foreman kan hom allermins moed gee vir die onafwendbare botsing met Tyson. Hy sal gelukkig wees as hy drie rondes lank op sy voete kan bly.

Tyson se omstrede tegniese uitklop-oorwinning oor Razor Ruddock was beslis nie in dieselde klas as sy vernietigingswerk vroeër in sy loopbaan nie. Sy tysberekening was nie baie goed nie en hy het te veel enkelhoue geslaan in plaas van die dodelike kombinasies van vroeër.

Maar dit sal goed genoeg wees teen Holyfield, wat 'n bokser eerder as 'n vegter is. Die kampioen se styl sal Tyson uitstekend pas. Sy beste wapen - 'n skerp reguitlinker - sal min beteken wanneer Tyson vorentoe beur en hom teen die toue vaspen.

'n Gebrek aan waardige teenstanders kan straks beteken dat Tyson se tweede heerskappy veel langer as sy eerste sal wees. Dis egter te betwyfel of hy ooit weer positief met Rocky Marciano, Joe Louis of Mohammad Ali vergelyk sal word.

Iets het onherroeplik verlore gegaan toe hy verlede Februarie deur Buster Douglas uitgeslaan is: Hy kan nooit weer in sy eie onoorwinlikheid glo nie.

Daar is kenners wat sy Groot Val aan sy voortvarendheid toegeskryf het. Dit was egter juis sy selfvertroue wat vroeër van hom 'n monster gemaak het, wie se doel op aarde was om teenstanders in die kryt te agtervolg en te vernietig.

"Hoe durf hulle my met hul primitiewe vaardighede uitdaag?" het hy destyds gevra nadat hy Frank Bruno byna minagtend uit sy pad gevee het.

Hy was nie soos ander boksers net besorg oor geld en roem nie; sy grootste dryfveer was die gedagte dat geen mens tussen vier toue teen hom opgewasse was nie.

Nou veg hy om homself te bewys.

Die blote feit dat hy bereid was om teen 'n gevaarlike bokser soos Ruddock deur die toue te klim, wys dat hy erkenning soek.

Hy kon net so maklik 'n klompie onbeholpe swaargewigte vir 'n paar miljoen dollar uitgeslaan het terwyl hy sy kans afwag om Holyfield te pak.

Maar hy het die moeilikste teenstander gekies uit blote desperaatheid. Hy weet nou hoe dit voel om 'n verloorder te wees en hy hou nie daarvan nie.

Dit maak hom menslik - en kwesbaar.

Vroeër kon 'n mens hom glo toe hy gesê het hy boks omdat hy dit geniet om ander mense seer te maak.

Dis 'n karaktertrek wat in geen ander plek in die samelewing (benewens dalk politiek) geduld sou word nie, maar in die kryt het dit hom onoorwinlik, bo-menslik laat lyk.

Teenstanders het verloor voordat hulle in die kryt geklim het; as jy vyf rondes kon oorleef, het jy deksels goed gevaar.

Dít het Douglas in Tokio verander.

Ruddock het nie soos 'n lammetjie by die slagpale gelyk nie. Hoewel hy baie slae verduur het, het hy Tyson hárd geslaan voordat die skeidsregter, Richard Steele, die geveg ná 'n moordende sarsie deur Tyson beëindig het.

Tyson het later gesê die houe wat hy op sy ken verduur het sonder om te val, was bewys dat hy weer op sy beste is. "Wanneer ek fiks is, is my kakebeen soos graniet."

Dis dalk so; daardie regter-swaaihoue waarmee Ruddock hom getref het, sou die meeste ander boksers uitgeslaan het. Maar wat Tyson verswyg, is die feit dat Ruddock drie jaar gelede nooit eers die kans sou kry om daardie houe te plant nie.

'n Mens sou seker kon sê dat Ali en Louis ná nederlae teruggekom en weer gewen het. Dis waar. Net soos Tyson weer gaan wen.

Maar hy het die vermoë gehad om alle rekords in die kryt te verpletter. Sy fout was dat hy belofte getoon het was geen mens gestand kan doen nie. Hy was op 20 so goed dat 'n mens jou glad nie kan voorstel waarin hy sou ontwikkel as hy daarop kon voortbou nie.

Hy kon nie. Ná sulke hoogtes was daar net een moontlike pad vir hom, en dit was afdraand.

Hoe kan enigeen verbeter op die vertoning waarmee hy Michael Spinks onttroon het?

Spinks het hom met twee oorwinnings oor Larry Holmes bewys as 'n waardige swaargewig-kampioen, maar teen Tyson het hy soos 'n beginner gelyk.

'n Mens kon nie anders as om hom jammer te kry nie. Tyson het hom tegemoet gestap en met die eerste hou só hard geslaan dat hy onmoontlik nie kon herstel nie. 'n Rapsie meer as 'n minuut later was alles verby.

Gelukkig vir Tyson is daar niemand anders in die swaargewig-afdeling wat lyk of hy in iets groots gaan ontwikkel nie. Ruddock is waarskynlik die naasbeste. Dan volg Holyfield en van die res kan ons maar vergeet.

Ray Mercer was 'n briljante amateur maar het nog niks in die beroepskryt gedoen waaroor 'n mens opgewonde kan raak nie. Dalk oor 'n paar jaar, maar nou is hy 'n toonbeeld van middelmatigheid. Dit geld ook vir Riddick Bowe.

Foreman het beter teen Holyfield gevaar as wat enigiemand verwag het, maar dis te betwyfel of hy op 43 nog die lus gaan hê om weer te probeer.

Tommy Morrison van Rocky V-faam is 'n beter akteur as 'n bokser. En hy's nie 'n wafferse akteur nie. VW



*by* Maureen Isaacson

# L U S T

It's been raining so hard even the wind is dripping with it. The moon's made of glass tonight. The kids've scuttled into dry corners and there's a crazy glow on the liquorice streets. Traffic lights dance lust-red. I'm telling you, lust's up tonight. Lust hot enough to crack the night in two. Awkward lust, backstreet stuff. The kind that gets men going after other men. Boys, girls, women. It's random lust, you know. The thrill of anonymity. Touch of a perfect stranger in the dark.

I'm driving home, all pumped up after gym. Taking it slow on the slippery roads when I see her. She's hitching on the deserted street. I stop, let her into the car. She's beautiful, man. How come some man hasn't locked her up for the night?

Now why does this always happen to me? I mean there's so much I want and don't get. Like money. If you aint got it by forty five I reckon it aint going to happen. Like a loving relationship. Some meaning. But I don't find it. Most chicks I get to meet are pretty and dumb or just dumb. Or overweight. Why do the chicks in this town have to tuck in like they do? Back to lust, the absence I suppose. But one thing I do get is sex. Sex, it consumes me, it ravishes me. It's like some roving animal, mindless, purposeless, choosing me for its prey. Why?

Let's take a look at some of the facts. Okay, there was this chick I met Corner Dunbar and Cavendish that night. Okay, there was one lurching around the foyer of the hotel, legs set to trap me like some blimming snare. Lithe blonde lure. I fell head first. But with her it was first things first. Heidi, that was her name. Off to the party in the barricaded house in Berea. I was expecting sleaze. I was expecting those legs to squeeze me to death. Not all that Nazi stuff that was going there. They threw me out before I could put my pistol to the picture of Hitler. But that's another story. Those days my gun was ever polished, ever-ready to be cocked.

To get back to this lady, the beauty, she gets into the car and says, "I don't want a lift." Husky in a Tina Turner way. The rain's clinging to her red hair and I smell lavender. The face is white, eyes black smudges, vague. "Don't you want to come up? I live just here." I tell you, once a man's kids are grown up, he'll do anything.

Too good to be true hey. She steers me into a scarred apartment block in O'Reilly Street. Dilapidation must've got going here back in the Forties. In the entrance hall the chill starts. Moves up my spine, clutches at the back of my skull. I'm tingling with it, man. We're climbing stairs. Fear's shooting through my veins. It's charging me up. At her door, number 301, on the third floor, she says, "I have a husband". Freeze isn't the word. I'm rigid, babe. He's in jail. I watch the mouth's oval red perfection. It holds me.

Christ, he's in there. Why the hell can't I run? Memories and stories start flashing through my brain. Like the one about the accountant, the guy who was lured onto the balcony of a flat like this by a beautiful woman. She could have had a ruddy mouth like this. The lady, as it happened, turned out to be a man - part of a gang that beat other men for kicks. The accountant tried to jump from one balcony to the next. Didn't get there. They picked his brains off the concrete. That's where lust can get you. There's raw terror in me now. But I'm going nowhere. I'm here to stay. Live by the cock, die by the cock, that's what they say. The lady opens the door. Sure as hell the guy's in here. Am I out of my godforsaken mind? "There's the bedroom," she says. "I'm going to the toilet." I check the bathroom. Empty. Smells of lavender. Kitchen - cups and plates stacked. Nobody here. Bedroom's the only other room. Nothing under the bed. Nothing inside. Green bedspread hugs the bed. Dressing table clear, got to relax. She's out of the toilet. I rush in. Nix. I ask her to open the walnut cupboard in the bedroom. Stilettos spill. Jackets, dresses, crammed tight. Okay.

She takes of her earrings at the dressing table. There's an envelope, marked "Maximum." That's the word they use for the guys on death row. Her cool distant grin can mean anything. "Forgive me, Jim..." I start looking around again.

"Jim who?"

"King," she sucks on her lower lip. Is this possible? How can I be jealous? I pull at her hair, swing her around to face me. King, King, wait a minute... that murder case, it was all over the papers, not so long ago - a black guy hacked up by this King, wife was present. Jesus. What the hell's she doing outside? Sweat's pouring freely now. Pulse is going. No time. No time. I zap my gun from its sheath in my sock to the back pocket of my trousers, take them off, leave them at arm's reach.

The sex is violent, crazed. I keep looking over my shoulder. My clothes, my clothes. I dress. "I wonder where my dad is, said he was coming at seven fifteen," she says as if she's offering scones for tea. My watch flashes a liquid crystal seven thirty at me. He's here already, I know it. I can't take any more. Throat's dry. I can hear my own breathing. I leave her lying on the bed. Smiling at herself.

At the bottom of the stairs, a giant fills the entrance hall. Gun, where's my gun. Still in my back pocket. The shoes are size 15 at least. Spats, the kind you get downtown. Two tones, walking towards me, slow big steps. I pull my eyes up to meet his. They're pale blue, the colour of heaven. They look right into my guts.

Life is something death can take away from you. I'm not prepared. Where is God? I've no prayer. I'm going to die outside the home of a murderer's wife.

My life will flash before me. I'll swim in the big white light of the tunnel of darkness. Blood blackens my brain. I want to blubber. I want to be held. My temple is going dum-dum-dum. Like some primeval rhythm. It's the beat of death. I have to face it, full frontal. All I can see is the knuckleduster the size of a spanner. Hands big as feet. The spats move. One-two, one-two. Straight past me, right up the stairs, one at a time, making a slow heavy thudding. Sobbing. I'm sobbing. It's warm in my car. I'm riding. I'm riding in my own car and the doors are locked. I can still smell lavender. AIDS? Ha, ha. What do you think they make condoms for?

*July '89*

# S K U L L S

In the car, (Opel Kadet Sport), smoke clouds and radio-ad sounds mist the screen. Graham keeps saying, "They must be out of their skulls." Graham's a photographer. He's referring to the editors of the pain-sensationalising publications we work for. They've sent us to world's end to record the sorry lot of a woman who suffers from spontaneous combustion. Now we've photographed her standing next to a boiling kettle, to illustrate how she was when the combustion occurred. Now millions of white families will be able to witness this, in colour and easyspeak along with the lifestyles of those joined by the skull to another and those separated from their own skulls by accident. "Ag, shame," they will say, happy to be inspired with pity and awe.

Each time Graham says, "Out of their skulls," I remember the clear carved crystal skulls my grandmother talks about. Nobody knows exactly where they originated. They say the craniums emanate strange visions and odours. Grandma talks about their auras. As a child, when I looked at people, I'd see a recession into depth that had nothing to do with facial expression. Not faces but the skulls that lay beneath. The mystery of what lay beneath what we took to be reality; illusion - these were my concerns. Crystal skulls and the oracular properties they were said to possess gave me comfort. When things got bad, I'd conjure one protect me.

Now I'm looking forward to breakfast but Graham is saying, "we must pick up Andrew's camera lens in Jouberton, the township just outside Klerksdorp, he says we'll find it easily - number 279."

"279 what?"

"No street names."

We drive. Nine o'clock Friday morning and nobody's going to work. They're standing on street corners in pairs, in threes. They're riding tricycles if they are small enough, moving through puddles that throw the vast gloom and grey of the day back at the sky. They're carrying makeshift ironing boards and zinc tubs. There are rows of houses, some built of brick, some of corrugated iron, "temporary shelters" as the government prefers to call them. We drive past Sam Scheepers' Tuck Shop, past Uncle George's Supermarket. Past shacks adorned with naked plastic dolls. Past the dullness of the tubers the men are carrying and the dolefullness of ladies charring chickens on an open fire. Everything's cold, wet with the meagre day. We're hungry. My blood sugar levels have hit hell. Each time we reach a number that's close to our destination, the numerical sequence changes. X257, X258, then nothing. We ask repeatedly where we can find number 279, where the person we are seeking lives. Each time we are pointed somewhere, each time it is incorrect. I'm beginning to feel that the entire township has caught the wind of us on our rough cruise to nowhere.

Where is the friendliness that foreign journalists stumble on in the townships when they come here? Graham gets out of the car outside a house bearing the correct number, without closing the window or the car door and the people leaning against that house across the way aren't smiling. What is going on behind their eyes? Is it the car they're after? Will they come any closer? If I lean over and close the window it will make my discomfort obvious. I try to swallow the fear that sits in my throat like a crust.

Eventually Graham emerges, without the camera lens. "You alright"? My anxiety spirals each time he says, "I used to do lots of work in the townships. Let me tell you, don't have an accident in one. They believe if you have an accident, you want an accident - if you kill someone it's because you want to. If your car gets stuck here, I tell you've had it..." How can I believe him when he says that nothing like this ever happened to him? He drives on. Both of us crane necks for 279. "Let's talk about something else. Anything else."

By now it is nine forty and we've driven around and around and up and down. The people we saw in the beginning, when we still had eyes for ironing boards and zinc tubs, are reappearing. Back in the suburbs we call this loitering, here it is clear that what they're doing is marking time and bare corrugated space. We're back at Sam Scheepers' Tuck shop.

"Stop, for God's sake, Graham, lets get some help, something to drink, eat, anything." The tuck shop's closed. A solitary little girl, in a cotton dress that stops way above where her panties do, bites her nails. Her face is streaked with scars. Her eyes are old. By further default we return to the street where we've found a number 279. The same people are there, staring. They are waiting for us, I know it. "Listen Julia, take it easy, okay? Andrew said this township is calm, hardly any violence, man, you can see it."

"Stuff Andrew and his bloody lens, can't we leave it?" I need sustenance - my nerves are scraping blades.

Graham relates further terrible ends that have been met by honkeys in townships - thoughts have vibrations - I wish he'd shut up - he's going to create a situation. I know it and I'm petrified. A scream revs up inside me. I hear it coming out of my mouth. It fills the car. I feel a dull, thick thud. When I come to, I realise that Graham's driven the car into the wall of someone's house. He's saying something about swerving to avoid a kid. We have to get out of the car. I'm dazed and shocked. "Now-that-it's-happened-this-isn't-so-bad-I-mean-this-isn't-so-bad..." travels round my brain like a litany. There are people everywhere. The little girl is looking at me with her ancient eyes and I start to cry. I try to conjure my crystal skull. It won't come. Graham looks fine, propped up against the wall over there. He is pale, his skin is pulled like taut silk across his face.

The woman take me into a small house. It's dark and cold. There are two mattresses on the floor, enamel plates on tomato crates, an unlit candle on a hotplate-stove. A lean figure with bony hands towers over me. She gives me a glass of sweetened water. This reminds me of a thriller I have recently read about a woman who was drugged and forced to watch her husband being killed. But that was set in Madrid. This is Jouberton and the thickness on my tongue and limpness in my hand is caused by shock. My teeth clack against each other like castanets.

It is impossible to fit more people into the room. They all stare at me, speaking a language I don't understand. Probably Sosotho. I could be anywhere, I think. Where is Graham? I ask. A dog comes in, dribbling with mangy depression. "Graham!" I stand up but my knees won't hold me. They talk about me all the time. I want to ask for another glass of water, but I know they won't answer me.

*June '90*

VRYE WEEKBLAD PLAAS ELKE TWEEDE WEEK 'N KORTVERHAAL. VERKIESLIK ONGEPUBLISEERDE KORTVERHALE IN AFRIKAANS OF ENGELS, NIE LANGER NIE AS 1 200 WOORDE, KAN GESTUUR WORD AAN: VRYE WEEKBLAD FIKSIE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113. DIE REDAKSIE SAL BESLUIT WATTER VERHALE GEPLAAS MOET WORD EN GEEN KORRESPONDENSIE SAL OOR DIÉ KEUSE GEVOER WORD NIE. SKRYWERS ONTVANG R250 VIR 'N VERHAAL WAT GEPUBLISEER WORD

# 'n Gekwelde *mannetjie* met 'n groot hart

## Die idealisme van *Sinclair Lewis*, die eerste Amerikaner wat die Nobelprys vir letterkunde gewen het, het hom laat kritiseer en onthul - maar hy was te lief vir die Gopher Prairies en die Babbitts, skryf **MARTIN STEGMAN**. En dié liefde kon hy nooit beteuel voordat dit sentimentaliteit geword het nie



Oor min groot skrywers lees mens soveel gekwalifiseerde lof as oor Sinclair Lewis, die eerste Amerikaner wat die Nobelprys vir letterkunde gewen het. Daar word gesê hy was eerder 'n joernalis as 'n romanskrywer, 'n man wat meer verslag gedoen as kuns geskep het. En iemand het gesê hy was die vrotste van die groot Amerikaanse skrywers.

Lewis was die seun van 'n plattelandse dokter, 'n ongemaklike kind met min vriende, selfbewus en onseker van homself en bekend as 'n dromer. Sy eerste pogings is aan Yale in die universiteit se literêre tydskrif gepubliseer. Dit was meestal erg ouderwetse gedigte. In sy laaste jaar het hy 'n maand lank gaan werk in Upton Sinclair se sosialistiese kolonie Helicon Hall.

Ná universiteit het Lewis landwyd die land as joernalis gewerk voordat hy in 1912 terug New York toe is en sy eerste roman verskyn het. Dit was 'n seunsverhaal genaamd *Hike and the Aeroplane*.

Sommer van sy derde boek was Lewis in die moeilikheid by resensente omdat hy daarin sonder idealisme oor die Amerikaanse sakewêreld geskryf het. Dit was die boek *The Job: An American Novel*, wat gegaan het oor 'n jong vrou se oorlewingstryd tussen die sakemanne.

Nog twee boeke is koel ontvang. Maar toe begin die twintigers en skielik kruip Lewis uit sy dop, die ene oë en ore vir middelklasmites en met 'n paar dodelike pyle in sy koker. Hy trek los met Main Street, waarin hy die denkbeeldige dorpie Gopher Prairie skep en van 'n helse hoogte losbrand op kleindorpse vrede, broederskap en oorgelewerde wysheid.

Sy heldin is Carol Kennicott, 'n bibliotekaresse wat trou met die jongste dokter op die dorp. Dan voer sy 'n stryd om 'n bietjie kultuur en verdraagsaamheid onder die dorpenaars te kweek. Al wat sy regkry, is om mense alles een keer te laat doen. Een toneelopvoering, een kultuurfees, een slee-uitstappie in die winter, een huispartytjie met speletjies en Chinese kos. Al waarmee die dorpenaars volhou, is kritiek en snedigheid oor die voorbarige vroumens wat dink hulle vesting met sy pep en punch is nie volmaak nie.

Dan kom *Babbitt*, seker Lewis se beste boek. Die held is George F Babbitt, voorbeeldige inwoner van 'n florerende stadjie waar hy met eiendomme woeker op sy skelm, eerbare manier. Hy is lid van 'n horde losies, waar hy broeders ontmoet met wie hy sake doen.

In sy middeljare-krisis probeer Babbitt 'n affaire aanknoop met 'n gekultiveerde weduwee wat partytjies hou vir snedige boheme. Hy raak sosiaal bewus en waag dit om te sê die stakende werkers is net soos hy. Dit kos hom byna sy posisie in die samelewing. Hy hou twee keer per week op rook en begin een keer per week stap om oefening te kry.

In dié boek gebruik Lewis 'n genadelose resep om die futloosheid van die middelklas uitmekaar te trek. Hy laat sy held heeltyd daardie groot besluite neem, net om terug te val op die ou weë omdat hy nie die moed of selfbeheersing het om hom daarby te hou nie. Aan die einde van die boek is Babbitt nog steeds die man wat hy was. Hy het draaie gegooi, maar gebly in die groef waarin hy begin het.

*Babbitt* lees lekker, dis seker. Lewis se humorsin was skerp en hy het fyn waargeneem, soos dit 'n goeie joernalis betaam. Partykeer wonder 'n mens of al die besonderhede werklik nodig is, maar aan die ander kant is dit boeiend om so 'n volledige beeld van Amerika in die jare twintig te kry.

Net soos later in die jare vyftig, ná die Tweede Wêreldoorlog, het Amerika in die jare twintig gefloreer in 'n gees van patriotisme en selfvoldaanheid oor 'n job well done. Daar was 'n vlaag konserwatisme in die lug - die volk het homself beskou as die oorwinnaar in die stryd om geregtigheid en tog te goed gevoel oor sy waardes en beginsels.

Dalk is dit dié neigings wat Lewis aangevuur het tot die prestasies van *Main Street*, *Babbitt* en die volgende roman, *Witherspoon*. Maar daarna het hy uitgebrand. Volgens kritici het sy boeke ná *Witherspoon* - tien van hulle - al slegter en oppervlakkiger geword. Hy het deur Europa geswerf, feitlik op soek na iets om te skryf. Van toe af was sy stories gegrond op herinnerings, nie nuwe ervarings nie, terwyl hy al meer konserwatief begin dink het.

Lewis het begin as populêre skrywer, vir een merkwaardige dekade soos 'n prop uitgeskiet en toe weer gesink. Maar daardie dekade se werk was genoeg om hom Amerika se eerste wenner van die Nobelprys vir letterkunde te maak.

Dalk was sy ondergang dat hy nooit heeltemal gemaklik gevoel het in die rol van satirikus nie. Hy was soos 'n kwaai pa met die rottang in die een hand en 'n trooslekkertjie in die ander. Carol Kennicott is eintlik net so 'n pyn in die nek soos die mense van Gopher Prairie, maar op die ou end word Lewis se sentimentele hart week en hy maak haar 'n kleindorpse martelaar.

Daar het Charles Dickens, met wie hy soms vergelyk is, hom heeltemal ore aangesit.

Nogtans het hy sy mense terug aarde toe gebring uit hul eiegeregtige droomwêreld en gewys dat selfs 'n vrye samelewing erg fascisties kan raak as hy homself nie heeltyd ondersoek en herwaardeer nie. Kort voor lank het Faulkner en Hemingway hom onder die mat ingevee, maar nogtans bly die gekwelde mannetjie met die groot hart 'n skrywer om van kennis te neem.

# Bitterheid oor die ellendige toestand van mens-wees

**MINDER AS DIE ENGELE**
Deur: Eveleen Casteleyn
Human en Rousseau
(R24,99)

**FANIE OLIVIER**

*Minder as die engele* is die derde bundel van Eveleen Casteleyn en sluit beide tematies en in versaard aan by *Tussen hemel en aarde* en *Menslikerwys gesproke*.

Die 42 gedigte en 24 haikoes saamgebring in die nuwe bundel getuig nie van 'n groeiende of ontwikkelende digterstem nie. Dit bevestig die digterskap wat ons reeds ken in taamlik vrye vers en met 'n verkenning van die menslike bestaan.

In die laasgenoemde opsig tree die titel beslis ironies op, want terwyl die Bybelse "skaars minder as die engele" wil dui op 'n staat van glorie vir die mens, is dié bundel vol bitterheid oor die ellendige toestand van mens-wees.

Reeds die openingsgedig, "Paradyspendelaar", vertel hiervan: die mens as 'n tipe reisiger aangekom op "ou dal van trane\ blou albaster\ in die maanskyn" in sy ruimtepak van vlees en bloed.

Die tweede gedig, "Wat sal wees", beklemtoon die sterflikheid juis deur die mens se vergeefse pogings om dit te besweer: hulle skryf "gedigte\ en proefskrifte, omlyn\ 'n versaakte hart\ koop die tyd uit\ met weelde en reise\ luister na elegieë en lamente\ gryp na liefde\ roep die Here aan - alles tevergeefs".

Feitlik al die gedigte in *Minder as die engele* sluit direk hierby aan. Heel dikwels gaan dit oor die verlies deur die dood of verlies aan betekenis; 'n hele reeks gedigte vertel daaroor deur die telkense afskeid van 'n ouma van haar kleinkinders wat met die vliegtuig agter die wolke en uit haar lewe verdwyn.

Verwant aan hierdie emosies is eensaamheid en ouderdom, en die aftakeling van die vleeslike Mense "toegerank in 'n heuningkoek van lig en skaduwee" ("Huweliksherdenking") kan wel positief klink, maar die teenoorgestelde is eintlik waar en in 'n aantal verse teken die digter vir ons mense in wêrelde van aftakeling vasgevang of op die punt om daarvoor "voorberei" te word. En sinies besluit sy dan hulle is héélwat minder as die engele: maar net "heroïese malvas\ op die balkonnetjies\ oorlewend in suurreën\ en knaldempergasse".

Want ons is almal op die "hit-squad-lys" en "hier kom die hongerige dood\ al weer doodluiters vroom\ in die straat afgestap".

En die bitterste van alles is die dood van 'n kind, soos die digter vertel in haar vyf "Kinder-Totenlieder" oor die sterftes van onskuldiges.

Die 24 haikoes waarmee die bundel afsluit, bring 'n verligting vir die leser, 'n oplugting selfs, sou mens kon sê.

Hoewel sy nie altyd van die betogende wegbly nie, is daar meermale stukkies vers hier waarin die wese van die haikoe tot sy reg kom.

Groot en belangrike gedigte is daar nie in hierdie bundel nie, en nie genoeg verse wat as taal jou by die lees ruk nie. Dit is jammer want die sien van hoeveel ons *Minder as die engele* is, laat mens nie ongeroerd nie.

(FANIE OLIVIER IS HOOF VAN DIE DEPARTEMENT VAN AFRIKAANS AAN DIE UNIVERSITEIT VAN VENDA)

# Short and sweet - *but where's* the meat?

**COMMANDING HEIGHTS AND COMMUNITY CONTROL** - New Economics for a New South Africa
By Patrick Bond
Ravan Press, 96pp, R9,95

**MARK BEARE**

Patrick Bond's *Commanding Heights and Community Control* is a short and innovative piece dealing with the issue of economic policy and the role of communities in the formulation of that policy.

The book introduces the inheritance that falls to today's policy makers in a brief, packed twenty pages. In them he sketches the evolution of the economy over three centuries, from the merchant capital of the early period to the changing face of manufacturing and the financial system in the 1960s.

While such an appraisal is highly condensed the broad sweep is quickly and, from Bond's standpoint, critically defined in these pages.

His analysis of the malaise that has gripped the economy since the mid-70s follows and centres on his assessment of the system as going through a process of over-accumulation, wherein overproduction and overautomation have led, and are leading, to a "devaluation of capital". This has led to the rise of speculation and the withdrawal of funds for productive investment. Strongly influenced by the work of English academics David Harvey and Simon Clarke (a fact he acknowledges in the preface) Bond sees the crisis occasioned by over-accumulation to be central to any reformation of policy in SA.

It is this conclusion that forms the springboard for the author's critique of the policies put forward by the ANC. He argues that their policies accept the over-accumulation crisis as inevitable and attempt to overlay the critically flawed system with a new economic order instead of using the nature of the crisis to their advantage. He feels that a public works oriented programme, as seen in the ANC's Growth through Distribution strategy, is unlikely to succeed for this reason.

In the final section of the book, entitled "Community Control", Bond sets out some ideas of how the over-accumulation crisis can be used to advantage. These ideas are derived from activism - in the international anti-apartheid movement, in the workplace and in the townships. One such example is the use of COSATU power on the shopfloor to change production away from sophisticated high-tech towards basic commodities. The use of existing forces - unions, civics and so on - to bring about restructuring reflects an organic and rooted contribution to the policy debate. The author is, however, unable to sustain this in the broader context of the economy. He outlines changes in tax policy and the financial system, for example, but does not move from the use of existing structures to the conceptual issues with any certainty. This shortcoming is problematic in that while the scope of the argument is wide-ranging the solutions offered are not.

*Commanding Heights and Community Control* is, criticisms notwithstanding, an interesting contribution to the debate on the left in terms of policy. It provides a framework - the over-accumulation argument - for further consideration at the conceptual level. As Bond notes there are real difficulties on the left in explaining the current crisis; the use of Harvey and Clarke provides another source in the evolution of an explanation. His use of grassroots examples in community action also raises interesting questions, though he does not expand on them. The integration of existing structures into policy debate may generate possibilities which have not yet been considered.

# 'Ons *soek* ovaries *en* balls in Afrikaanse musiek'



*Johannes Kerkorrel* is honger, en die hongerte dryf hom die donker in.

**PIETER SWANEPOEL** het met hom gaan gesels

Iemand het miskien iemand anders se ex-girlfriend afgevry of beetgekry of vasgelê of wie sal weet... 'n Mens kan jou menige skinderstorie indink om te verklaar hóé die Gereformeerde Blues Band na hul kortstondige roem uiteen is. Maar dis ook al ou nuus dat voorman Johannes Kerkorrel nou solo loop.

By die After Dark Restaurant in Pretoria staan hy soos 'n outsider in die pienk spotlight geïsoleer. Sy oë vroetel in die donker in op soek na dié wat deur hom vermaak wil word. Sy hare is stomp: hy is 'n bleek albino. Sy lippe is droog. Sy lyf sleep hy oor die verhoog saam, nes die straatdigter van wie hy sing 'n ou rugsak saamsleep. Dit is sy siel wat Kerkorrel kom blootlê.

Dit is die liefde waarvan hy eerste vir sy gehoor kom vertel: "Want ek is honger," sing hy. En: "Hier is jy nie veilig nie - sonder liefde," wat die gewese Sweatband se leadkitaarmaestro (John Mair) se cue is om met sy eerste histeriese kitaarsolo van die aand weg te breek.

En of jy nou daar sit met jou siniese gevreet en kop vol oordele oor Kerkorrel se vroeëre sukses en dié aanvanklike deurbraak met musiek wat vir jou in wese maar 'n na-apery van bestaande vorms soos geykte 4-bar blues en sy nefie rock-and-roll was, word jy nou saf gemaak, hoe verder Kerkorrel jou die vertoning intrek.

"Dis 'n musical show," sê hy later oor 'n whisky. "Dis nie 'n kabaret nie." Maar (cabaret queen supreme) Elsabé Zietsman, wat intussen haar wilgerlatlyf neffens hom ingewurm het, verskil hewig. "Dit ís kabaret," sê sy. En kwalifiseer: "Kabaret lewer op satiriese wyse sosio-politieke kommentaar. En dis wat jy doen," sê sy hom. Seker waar ook. Aan die ander kant is dit nie al wat hy doen nie.

Hy kom aan die woord en sê goed soos: "Dit was fantasties om saam met After Dark se musiek-regisseur, Didi Kriel, te werk. Hy het 'n heel ander klank aan my werk verleen. Op my nuwe langspeler - tot nou toe nog sonder titel - wat eersdaags strate toe, het Didi ook die musikale verwerkings gedoen.

"Ek wou dit hê. Ek wou 'n nuwe klank en styl hê, maar ek het nie mooi geweet hóé nie. En ek het nog meer gekry as wat ek verwag het nadat ek en Didi begin saamwerk het. Dit is selde dat jy 'n musikant kry met 'n werklike aanvoeling vir die sanger, wat verstaan hoe die performer werk en dink; wat dit kan omsit in musikale terme."

"Jou musiek is nou egter soveel donkerder," voeg ek my straaltjie by. "Jou inspirasie byvoorbeeld, waar kry jy dit? Ek bedoel, is daar spesiale muso's na wie jy luister? Dit is nie juis volgens die trends van vandag se hip-hop popmusiek nie."

"Nee," sê hy. "Ek het onder meer teruggegaan na die ou goed toe. Veral soul. Mense soos James Brown en Bill Withers. En die 70's goed waarmee ek grootgeword het en wat my beïndruk het. Soos vroeë Bowie en Jefferson Airplane se *White Rabbit*. En dan het ek intussen vir Prince ontdek. 'n Genius. Mmm... ja," mompel hy. Raak dan diep ingedagte.

Hy beskou min mense as major artists, vertel hy. Tog gee hy toe dat hy ouens soos Leonard Cohen en Tom Waits se LP's so te sê almal ken. Want hy is honger. En die hongerte dryf hom, dryf hom die donkerte in. Sonder dat hy daarvan wil wegkom.

"Dit is wat met my gebeur het," probeer hy verduidelik. "I'm just exploring these areas. I know it's very dark, maar mense moet dit aanvaar."

En al sing hy nie meer van 'n donker, donker land nie; al word sy lirieke nou meer subtiel, vra hy nog vrae wat moreel pla wanneer hy van Afrika sing (Mayebuye Afrika). "En die mense word die slawe hier/ want die mense word betaal/ om elke greintjie uit te haal". Waarna hy die grootwildjagter bekla wat alles kom afmaai het tot net die stilte oorbly.

Kerkorrel is nie hiermee tevrede nie. As die sentrale karakter binne sy eie lied, sonder dat hy homself graag hiervan af. Vroeër, gedurende die *Persreën* (só lui die titel van sy latest musical show) vertoning, het hy in die werkersklassong (Ballade van die mynwerker) gesing, "Die nag buite is vol beloftes". Op sigself tog 'n cliché. Maar dan sing hy oomblikke later: "Asseblief, vat my ver hiervandaan". Beelde soos dié van 'n neon-engel in die stad en "veterane van oorlog wat wonder waarheen" volg. Tot oplaas: "O, om alles te gee vir die kans om net eenkeer te leef".

Kerkorrel vra duidelik 'n nuwe lewe. Hy wil die kans gegun word om nie langer as "a representative of a movement" gesien te word nie. Hy wil nie meer gelabel word as 'n "alternatiewe Afrikaanse sanger" nie. Die gewildheid wat die sogenaamde popster geniet, interesseer hom nie meer nie.

"Dit was 'n moerse thrill toe dit gebeur het," gee hy toe. "But I have to go further. Nou soek ek na stuff vir die soul."

Hy praat heeltyd die bekende slang. "Die taal op sigself het irrelevant geraak," sê hy. "Daar is nie meer 'n stryd om te stry vir Afrikaans nie. Ek was behep daarmee: ek wou persepsies van Afrikaans verander. Intussen hét dit verander. Dit is nou net nóg 'n taal om in te skryf. Ons weet mos Afrikaans gaan okay wees in 'n Nuwe Suid-Afrika.

"Vir my gaan dit in dié stadium oor musiek. Jy kan alle grense met die taal van musiek oorbrug.

"Die enigste musiek wat my nou nog interesseer, is musiek wat kommunikeer. Wat dit betref, is ek in 'n totaal nuwe area. Ek sal op 'n post-moderne manier van allerlei musiekstyle gebruik maak om gevoelens by mense op te roep."

Hy bekla dan die lamsakkigheid van Afrikaanse musiek oor die algemeen. Hy meen ook daar is 'n boere-mafia wat die hele besigheid sit en beheer. Uiteindelik glo hy dat die hele *Tafelbaai Boeghie-musiekkompetisie* wat onlangs deur M-Net aangebied is, 'n totale flop was omdat dit bloot die status quo van Afrikaanse musiek bevestig het.

"Hulle het ons gevra om nuwe musiek te skryf, maar op die ou end is al die cliché's bevestig. Soos byvoorbeeld die soort van sweef soos 'n arend tipe van stront. Dit kan jy maar gerus noem.

"Dit is nie M-Net se fout nie, dit is die FAK se fout. Soos wat die cops agter die opstande is, is die FAK agter die herbevestiging van ou afgeremde Afrikaanse musiek.

"But it's coming on for payday; wat jy insit, sal jy uitkry. Dit is die plig van vandag se musiek om die ou, vrot karma af te breek en 'n nuwe moontlikheid daar te stel.

"Al wat ek hoop, is dat daar op die ou end sprake sal wees van 'n kwaliteitstandaard in Afrikaanse musiek - en diepte. Verder hoop ek daar kom 'n wilde klomp hool-rockers wat die energie van punk met hulle sal saamdra."

At the risk of being sexist, sê hy dan: "Ons soek ovaries en balls in musiek. The real stuff."

*Kerkorrel speel tot 4 Mei by After Dark*

VW


*dié week by die*

## MARK-TEATER

UPSTAIRS BY DIE MARK

STRUTS AND FRETS

*Starring Fiona Ramsay, Kate Edwards & Tony Bentel*

*Directed by Vessa Cooke*

Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER

SKITS are FREE in here

Regie deur Greg Melville Smith

Met Sean Higgs, Liam Cundill, Zane Meas en Lindsay Orbach.

Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

MARK-GALERYE

Standerd Bank Kinderkuns: multimedia kompetisie.

Vanaf 21 April tot 19 Mei.

SA stedelike ontploffing deur David Lurie

Skilderye deur Loren Hodes en Sophia Soseilos

TELEFOON 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm

Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.

**SHADOWLANDS**

deur William Nicholson

"Memorable evening's entertainment" - Pta News

Directed by Janice Honeyman

Met Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Kenneth Baker, Norman Coombes

Ma - Vr 8nm, Sa 5.45nm & 9nm

**KIPPIES BY DIE MARK**

ROUND MIDNITE

Tuesdays to Sundays

Admission: Tues - Thurs R 10.00

Fri - Sun R 12.oo

VLOOIMARK

*Oop van 9vm tot 4nm*

# Masekela *wys* hoe

## Uiteindelik is **AUDREY BROWN** deur 'n "bannelingkonsert" bekoor!



Ons het nou al drie exiles concerts beleef. Die eerste was Abdullah Ibrahim s'n by Wits. Onthou julle dit? Dis die een waaroor ek so baie gekla het. Volgende was Letta Mbuli en Caiphus Semenya se Unity 91 - waar baie min sprake van unity geblyk het. Ek was nie daar nie, dus kon ek nie kla nie. Die derde een was Miriam Makeba in die Standard Bank Arena en daar, as julle kan onthou, het ek ook my keteljie uitgespoel.

Teen dié tyd dink julle natuurlik dat ek met niks tevrede is nie, oor alles kla en very hard to please is, né?

Wel, ek is hard to please, maar ek moet nou sê, my siel is s-a-a-a-lig ná Hugh Masekela se konsert in Thou-hoya-Ndou Sondag.

Voor ek begin rave, laat ek gou die scenario skets. Daar was baie min mense in die Independence-stadion in dié tuisland. Skaars twee honderd toe die konsert begin, maar teen laatmiddag was daar omtrent 1 000 toeskouers. En in gewone omstandighede sou 'n musikant van internasionale faam miskien nie sy bes lewer nie. After all, wat is 'n paar honderd mense in die boendoes. Ten tweede is die mense van Venda nie juis uitspattig of uitgelate nie - hulle is nogal aan die stil kant. Baie bedees. Ten derde het Masekela baie min te sê gehad. Om die waarheid te sê, hy het omtrent niks gesê nie. En te vierde is die plek fokken ver en fokken warm.

Maar, en nou moet julle my verskoon, gaan ek rave. Masekela se Sekunjalo - This is it! konsert is 'n sonic revolution. En daar in die bosveld, onder die warm son, het hy 'n partytjie van die hoogste gehalte voortgebring. Vandat hy om kwart voor twee op die verhoog geklim het tot kwart voor sewe - vyf uur later - het ons 'n koninklike musiekfees van ongelooflike omvang geniet. Ek weet julle wonder waarom ek nie kla oor hy niks gesê het nie. Laat ek verduidelik. Dit was eintlik nie nodig om iets te sê nie - hy is nie bekend vir sy anti-apartheid retoriek nie, en het dit baie duidelik gemaak dat hy hier is om musiek te maak en 'n jol te hê. Die feit dat hy dit só duidelik gate-uit geniet het, was vir die gehoor genoeg en hulle het saam laat waai.

Boonop was Masekela glad nie bereid om die rol van die ster-uit-ballingskap te speel nie - hy was deel van 'n musiek-kommune bestaande uit Suid-Afrika se beste musikante; Faith Kekana, Felicia Marion en Stella Khumalo met backing vocals, Mandla Masuku en die fenomenale Morris Golding as deel van die brass section, Masekela se eie band uit die buiteland en Sankomota en Bayethe as die steunpilare van die vermaak.

Die vertoning was só saamgestel dat al die musikante deurentyd saam op die verhoog verskyn het, met Hugh Masekela as deel van 'n geheel. Jabu Khanyile en Tsepo Tsolo - die hoofsangers van Sankomota en Bayethe, het hul groepe se liedjies saam gesing en Masekela het óf backing vocals gedoen óf op sy trompet gespeel. Tsolo se stem is so 'n diep dark brown sugar - dit stuur rillings van pure plesier langs jou ruggraat af, terwyl Khanyile bittersoet nagtegaal-helder klanke uit sy keel uithaal.

Selfs meer indrukwekkend was dat Masekela 'n hele set aan Suid-Afrika se beste bubblegum artists - Brenda Fassie, Chicco Twala en andere - opgedra het. Daar was baie ander soortgelyke trekke waarin die vergete swart musikante van ons land vereer is - soos die pragtige liefdesliedjie "Lizzie" wat in 1948 deur Alan Silinga geskryf is. Daarby het Masekela ook erkenning gegee aan daardie steunpilaar van swart musiek - nee, nie mbaqanqa nie, koormusiek. Dit was absoluut magic. Masekela self het gesorg dat dinge glad verloop. Die "ster-mentaliteit" was duidelik afwesig.

Sy tromspelers uit Wes-Afrika het hipnotiese tromslae gelewer - terwyl 'n moerse geelmaan in die suid-ooste gewag het vir die son om te sak. Die awendster het nie eens sy verskyning gemaak nie - almal het met opgehoude asem en sinkende harte gewag vir die konsert om te eindig. Maar neè. Die tromme het aangehou, die dansers het bly dans en skielik was almal weer op die verhoog. En toe sing Masekela "Stimela Sihamba namahlahle" - die liedjie waarin hy skreeu, en 'n stoomtrein perfek naboots. Toe sing hy Bring Back Nelson Mandela, en heel laaste Nkosi Sikelel' iAfrika. Teen dié tyd was almal uitgeput van plesier - ek het gevoel asof ek in postcoital bliss lê. The end of an enchanted evening. VW

## *Bayreuth* kan dit nie beter doen nie

### Om twee meesterlike kunstenaars soos Wicus Slabbert en Marita Napier sáám in Truk se opvoering van *Der Fliegende Holländer* in die Staatsteater te hoor sing, is 'n ervaring wat 'n mens nog lank sal bybly, skryf **HENNING VILJOEN**

Die gekyte woordeskat "uitstekend", "uitmuntend", "groots", en so meer skiet te kort om reg te laat geskied aan Truk se aanbieding van *Der Fliegende Holländer*. Veral die prestasies van die twee Suid-Afrikaners, Wicus Slabbert (Hollander) en Marita Napier (Senta), se vertolkings kan die beste in sporttaal opgesom word as wêreldrekords wat opgestel is. Dit was voorwaar 'n groot gebeurtenis om dié twee kunstenaars op die kruin van hul loopbane sáám op die verhoog te hoor in rolle waarvoor hulle net die hoogste lof oorsee gekry het.

Die trefkrag van Roberto Oswald se regie lê in die visuele konseptualisering van die opera, waardeur hy die musiek visueel eerder as toneelmatig oopgemaak het. Soos by menige ontwerper/regisseur kom Oswald se persoonsregie nie altyd ten volle tot sy reg nie en veral sy hantering van die kore is baie lomp. Visueel is die produksie egter 'n kragtoer - die moderne beligtingstegnologie is ten volle en uiters kreatief deur Michael Lehr benut om 'n visuele wonder op die verhoog te skep.

*Der Fliegende Holländer* is eintlik 'n gesonge toondig wat rondom Senta se ballade gekonstrueer is. Die opera behoort daarom as 'n ononderbroke eenheid aangebied te word. Oswald het die produksie wel as eenheid gekonsipieer, maar om die een of ander onverklaarbare rede was daar 'n onnodige pouse 'n halfuur voor die einde wat die dramatiese opbou net versteur het.

Musikaal is die aanbieding 'n optimale belewenis wat in Bayreuth of enige ander internasionale operahuis nie maklik oortref sal word nie.


Die lofuitinge van Alan Blyth - die beroemde Britse resensent van die tydskrif *Opera* - oor Wicus Slabbert se vertolking van die Hollander in die Bregenzfees, is ook op Slabbert se optrede in Pretoria van toepassing en weerspieël woordeliks my eie belewenis. "Slabbert's account of the monologue was the most trenchant and intense in my experience ... Line, tone and diction were combined in such a concentrated manner as to have the listener, for once in a Wagner performance, amazed that the ideal was being achieved ... he was far ahead of any Dutchman I have heard in understanding both the vocal and dramatic requirements of the part." Daarom wil ek ná Slabbert se meesleurende vertolking die wêreldrekord agter sy naam skryf.

Eweneens was Marita Napier se vertolking van Senta (en nie Elsa soos 'n bitterbekkige resenser van 'n Engelstalige Sondagkoerant haar onkunde ten toon gestel het nie) 'n vergestalting wat dramaties en musikaal nie vandag op die verhoog of op plaat geëwenaar kan word nie. Nog nooit het ek Senta se ballade met soveel oortuigingskrag beleef as in die wyse waarop Napier elke strofe met al hoe meer dramatiese intensiteit gelaai het nie. Die moeilike Hollander/Senta-duet is 'n musikale hoogtepunt wat my nog baie lank sal bybly. Ek hoop net dat Truk of die SAUK die versiendheid het om die vertolking êrens op band vas te lê.

Peter Meven was 'n baie geloofwaardige Daland en Paul Frey het met fyn musikale nuansering die rol van die ondankbare Erik so goed moontlik vertolk - hopelik hoor ons hom gou weer in 'n meer omvangryke rol. Dit was ook heerlik om Gerhard le Roux as 'n resonante Steuerman te hoor, want dié rol verbleek meestal tot niks deurdat te klein stemme die rol gewoonlik vertolk.

Gabor Otvös het 'n stewige musikale grondslag in die orkes gelê en die koor het met besielde sang die grootse belewenis aangevul.

Die gehoor se louwarm reaksie op die openingsaand was skokkend - veral vir 'n Staatsteater-gehoor wat geneig is om middelmatigheid staande toe te juig. Of is hulle ten aanskoue van werklike grootsheid tot algehele lamheid en stomheid geslaan? VW



# A challenge *from the* South

**South Africa is changing fast and apartheid is on its way out. Some of Africa's leaders have the foresight to recognise this, but others are stuck with old rhetoric and old thinking. Many are frightened to ask too much of De Klerk because they have not put their own houses in order, BAFFOUR ANKOMAH, Assistant Editor of the London-based magazine New African, writes in the latest issue. In his article, reproduced here, Ankomah calls on Africans to question the response of their leaders to the South African challenge**

An important lesson of the Gulf War which I hope would not be lost on Africans is that any people who cannot stand up and question the acts of their political leaders do not have a future.

We heard, in the aftermath of the War, that some Iraqis were revolting against Saddam Hussein. But wasn't it too late? Because he knew his people were such a gullible, unquestioning lot, Saddam was even prepared to tell them they had won a "decisive victory" when he himself was still hiding in his bunker and his armed forces had been routed! The Iraqi tragedy should wake Africans up from the political slumber we've fallen into over the past three decades.

We, like the Iraqis, have allowed our leaders to do whatever they please, so much so that President Museveni of Uganda, the current OAU chairman, can attend the summit of the OAU Adhoc Committee on Southern Africa in Harare this February, and say without remorse, that President de Klerk's promises to abolish the last pillars of apartheid in June are not enough.

Museveni said de Klerk "should quickly take the next most logical step - that of a popularly and freely elected constituent assembly to draw up a new non-racial constitution". Museveni did not end there: he said de Klerk's achievements so far, though welcome, did not amount to "profound and irreversible" steps that will end apartheid. Therefore, attempts by the international community to lift sanctions and start new trade links with South Africa were "disturbing".

Zimbabwean President, Robert Mugabe, on the other hand, took a refreshingly new line: the "significant developements" in South Africa since de Klerk came into office "deserves the support and encouragement" of Africa, he said.

Mugabe's problem with de Klerk, however, is that Pretoria has not yet met all the conditions of the 1989 Harare Declaration on South Africa, including giving the "majority of South Africans a vote".

Despite the apparent confusion over how Africa should react to the South African challenge, one can easily recognise that our leaders are dropping a good percentage of the unhelpful rhetoric and are beginning to show the accommodating side of their thinking. Which is all very good if we are to succeed in helping de Klerk defeat the anti-change, right-wing elements in his country.

But let's analyse what Museveni and Mugabe said. Museveni wants "profound and irreversible" steps to be taken "quickly" by de Klerk to put into place a "popularly and freely elected constituent assembly" which will lead to the "logical step" of giving "the majority of South Africans the vote" (which Mugabe wants).

There can be no doubt: apartheid is an insult to civilisation and must be abolished! No right-thinking person should argue against this basic fact. But we must admit that apartheid just cannot be abolished in one day. Negotiations will follow negotiations and a legal framework will have to be put into place. And despite the oppression that has gone on, the fears of South Africa's five million whites will have to be addressed. All this will take some time to accomplish.

Meantime, let's go back to the demands of Museveni and Mugabe and ask ourselves two fundamental questions: Are black South Africans the only Africans living today who need a vote? Does Africa need to sweep the other ills aflicting the continent under the carpet simply because we want justice for black South Africans?

I come from Ghana. We gained independence in 1957. My head of state who "freely elected" himself to power through the barrel of the gun 10 years ago, has said the ballot box takes away my freedom once I put my vote into it. So for 10 years, I have been denied a vote. Would somebody please tell me whether I also need a vote like my oppressed brothers in South Africa, or even whether my head of state has the same moral right to demand of de Klerk a vote for black South Africans?


In Museveni's own Uganda, the people currently have no vote. If he knows that "popularly and freely elected" political systems are the best in the world, why doesn't he do the same to Uganda? He wants de Klerk to take steps "quickly" to democratise South African politics. De Klerk was elected to power in 1989, Museveni shot his way to power in 1986 - which of the two men today should point an accusing finger at the other? Or is Museveni saying Ugandans are too stupid to appreciate the benefits of a vote?

When Mugabe talks about giving the vote to black South Africans, he is also talking about choice - because that is what a vote gives people, choice! The right to vote becomes meaningless if there is no right to choose between a multiplicity of parties and candidates. If Mugabe agrees to this basic fact, why did his government initially harrass Tekere's ZUM opposition party? Or why doesn't he demand of Museveni a vote for Ugandans as he is demanding of de Klerk?

Museveni, again, talks about the "disturbing" attempt by the international community to lift sanctions and open new trade links with Pretoria, as if he doesn't know the number of African countries which already have trading links with South Africa.

This January, the South Africans put out a fact sheet about their trading activities in Africa. It said in part: "Although most African governments still officially maintain the total boycott of South Africa introduced at a conference of emergent African states in Addis Ababa in 1963, South Africa, in actual fact, today trades with every African state." Much of this trade, running at 1,12 billion dollar a year is undertaken secretly, according to the fact sheet. What does Museveni say to this? If African governments have no qualms in busting sanctions against Pretoria, do we have the moral right to ask the rest of the world to maintain sanctions?

What hypocrisy! VW



## EGBERTUS KLAAGVOORT

# Geweld: ons *nasionale* sport

Genade, vrinde, so kan dit nie langer aanhou nie: selfs 'n verdienstelike siel soos Madam de Klerk se man kan tog nie onbepaald op rewards vir sy ommeswaai aandring nie, al het hy nou ook amper maar nog nie stamper vir Zuid-Afrika back to square one soos in die dae toe dinge min of meer normaal was, by wyse van spreke. Hoe ver kan 'n mens reis op 'n gallon integriteit, voordat jou wa tot 'n tragiese halt kom? Seg Miesies Klaagvoort dit sou 'n bietjie help as die agbare siel hom kon verwerdig om te sê apartheid was nie 'n eerlike eksperiment nie, verdomp, ons weet tog almal dat dit 'n bedriegspul was om die witmense in hul bevoorregte posisies te verskans, hoe kan daar selfs op die teendeel gesinspeel word? Na 'n goeie begin het Madam se man se snare nou so effens pap begin raak, soos dié van 'n moeë violis, en is dit nie waar dat die stomme man nou maar sit en fiddle terwyl die land brand nie? Seg Oswald die Tuinier die integriteit trek nou so dun soos 'n bubblegum-borrel, met 'n rekord soos die regverdiging van die verlede, die onbereidwilligheid om werklik die moordbendes aan die kaak te stel, die herberg wat aan 'n relic van die verlede soos Magnus PI gegee word, die kavalieragtige houding teenoor die geweld wat dreig om onse nasionale sport te word. Wie weet, dalk hou ons binnekort die Afrika-rekord hiervoor ook. As die borrl bars, sit Madam se man met bubblegum en eier oor die gesiggie, en sal John Major dan nog van hom hou?

### BONDEL SKANDE

Wanneer dit kom by skandemakers is daar sovele kandidate in die Nuwe Zuid-Afrika dat 'n mens nie eens 'n kortlys nodig het nie, jy kies jou skande sommer in die bondel. Ver sy dit van Egbertus om selfs te impliseer dat Womandela die wet sou oortree, onse kommersiële pers het hulle juis te buite gegaan met hul trial by newspaper van hierdie waardige volksmoeder. Maar kan dit wees dat sy die onsinnige en onkundige uitlating gemaak het dat die kleurlingvolk die produk is van die verkragting van swart vroue deur wit mans? Seg Oswald elkeen is geregtig op sy eie siening van die landsgeskiedenis, maar hier het ons opperste rassisme, selfs Moeder sal nie sommer so-iets kwytraak nie, behalwe natuurlik soms. Dat 'n waardige pot soos vader Mandela nou met so 'n onwaardige deksel opgeskeep moet sit. Miskien moet hy maar belê in 'n sarsie Zeb Oven Cleaner, wie weet, met ons klippe en boksies vuurhoutjies en Zeb kan ons nog die demokrasie haal. Seg Oswald ja kyk net, die demokrasie het juis vir Womandela uit die leierskap van die Womens League gehou, of was dit die sokkerspan?

### WAKENDE OGIE

Moeder is uitasem terug van die Tukkies-kampus waar sy die Koeksistergilde verteenwoordig het op die eerste vergadering van andersdenkendes wat in menseheugenis daar te lande belê is. Seg sy 'n man gewapen met 'n swastika wou haar deurboor soos 'n Ninja Turtle, is dit nie dalk Satanies nie? Seg Oswald swastikas is tradisionele wapens in daardie geweste, Satan hou bloot 'n wakende ogie.

### MISS NEWCASTLE

Die pragtigste voorbeeld van carrying coals to Newcastle speel hom toe laas naweek af: In Newcastle, Zuid-Afrika, word 'n swart dame verkies tot die kroon van Miss Newcastle. Nou kyk vrinde, dié plek is nou nie juis die bakermat van liberale denke nie, en dis 'n geweldige slag om die dorp te tref in dié moeilike tye. Seg die KP se spreekbuis alle Afrikaners, beide Engels en Afrikaans (sic), vind die beslissing walglik, en beoordelaars is van buite ingevoer sodat die organiseerders hul hande van die skuld kan was. Miskien is die oplossing dat die KP 'n paar mooi wit dames ook invoer om die skandvlek uit te wis. Vir Egbertus was dit haas die sappigste gebeurtenis van die jaar.

### UITSPATTIGE DIERTJIE

Demokrasie vier hoogty in die VSA. Twee ateïstiese boy scouts is pas deur die hof lidmaatskap toegestaan omdat dit hul demokratiese reg is om te weier om te sê "so help my God". Ewe gebalanseerd was die bevinding van 'n Australiese hof dat 'n egpaar nie geregtig is op mediese fondsuitbetalings nie, ondanks daarvan dat hulle glo siek geword het van 'n pelsbedekte penis wat 'n kollega in 'n hok in hul kantoor aangehou het. Seg die eienaar van dié uitspattige diertjie die meeste mense lag of vra wat dit is. Moeder val beslis in die laaste kategorie: die nie die oë nie, dis die geheue.

### WALPURGISNACHT

Die Klaagvoorts hou met belangstelling die Skoon Administrasie se hantering van Sol Kerzner se uitlewering aan die Transkei dop. Dit mag wees dat 'n hofsaak in die uiters onafhanklike soewereiniteit rondom omkopery van die Matanzimas 'n paar hoge Zuid-Afrikaanse politieke bome mag tref. Verskoon tog vir Egbertus, Moeder benodig hulp met die vasgord van haar swart leer bodice, sy's op pad om iewers iemand se hart te gaan uitpluk vir Walpurgisnacht. Dit beteken nie dat sy nie osoon-vrindelik is nie. Seg Oswald hy hoop tog die polieste vind 'n tydjie, so tussen die vervolging van hekse en bakleiende honde deur, om die gawe siele op te spoor wat so onverpoosd daaraan werk om die ANC te verdeel. Waar sal hul hulp vandaan kom?

# GELOOFSPRAATJIES



BERNARD LATEGAN

## Misverstand *en die Skrif*

In die vorige rubriek het ons gepraat oor die feit dat die Bybel so verskillend uitgelê word en dat elke ketter sy letter het. 'n Mens kan - so lyk dit - feitlik enigiets uit die Bybel bewys as jy maar net behendig genoeg is om die tekste in jou guns te draai.
Ons het ook gesien dat die saak nie so eenvoudig is nie. Meerduidigheid kán die gevolg wees van blote moedswilligheid of 'n verdraaide gebruik van tekste. Dit kan ook uit onkunde of uit 'n oppervlakkig en daarom 'n oneerbiedige lees van die Bybel spruit. Maar selfs die ernstigste en mees toegewyde omgang met die Skrif kan blykbaar nie voorkom dat mense dieselfde teks verskillend vertolk nie.
In plaas daarvan dat dié meerduidigheid tot 'n gevoel van onsekerheid en twyfel aanleiding gee, behoort ons eerder met meer eerbied en ontsag die hele proses van tekskommunikasie te ondersoek. Ons het reeds gesien dat ons dikwels verskillende soorte vrae aan die teks stel, wat noodwendig verskillende soorte inligting tot gevolg het.
Verder is kommunikasie deur middel van geskrewe tekste 'n ingewikkelde proses waarby die skrywer, die teks en die leser elkeen 'n belangrike rol speel. In dié aflewering kyk ons veral na misverstande en ontsporings wat rondom die rol van die skrywer en die ontstaansituasie van die teks na vore kan kom.
'n Kenmerk van alle antieke en Bybelse tekste is die afwesigheid van die oorspronklike skrywer. Dit beteken sowel 'n verlies as 'n wins. Die verlies is dat ons nie meer hierdie oorspronklike skrywer byderhand het om te raadpleeg oor dit wat ons nie verstaan nie. Maar ons ervaring van hedendaagse skrywers leer ons dat selfs die beskikbaarheid van die oorspronklike skrywer nie noodwendig verstaansprobleme oplos nie.
Skrywers is in die algemeen traag om hulle eie werk te verduidelik en verwys die leser eerder na die teks self - die literêre werk voer 'n eie lewe en wat die skrywer wil sê moet maar aan die hand van die teks self ontsyfer word. Die afwesigheid van die skrywer is ook 'n wins. Dit beteken dat die teks nie aan dieselfde tydelikheid en verganklikheid as sy skepper onderworpe is nie. Waar 'n skrywer nie sy of haar eie tyd kan oorleef nie, doen die teks dit wel. Dit beskik oor 'n duursaamheid wat eeue oorspan. Dit het 'n verbasende preserverende vermoë. Daarom kan ons met dieselfde varsheid die evangelie van Markus of die psalms van Dawid lees. Daarom is kontak met die oorspronklike konteks van die evangelie *überhaupt* moontlik.
Die afwesige skrywer is daarom alleen in die vorm van die teks aanwesig. Hierdie brose reëls op papier is dikwels die enigste oorblywende skakel met die verlede. Uit die teks moet ons so goed as moontlik probeer aflei wat die denk- en leefwêreld van die skrywer was. Maar juis hier kan ontsporings ontstaan. Nie alleen weet ons soms baie min van die omstandighede waarin die teks ontstaan het of van die historiese persoon van die skrywer nie. Ons het te doen met 'n afstand in tyd (twintig eeue of meer), maar ook met 'n afstand van kultuur, lewensuitkyk, met 'n midde-oosterse omgewing, met 'n voorwetenskaplike wêreld.
Die historiese dimensie van Bybelse tekste mag daarom nooit verwaarloos word nie. Dit stel die uitlegger voor die blywende opdrag om dié dimensie steeds verder te ontgin. Dit vra al die vaardighede van historiese ondersoek, van argeologiese en geografiese inligting, rekonstruksie en interpretasie van bronne.
In die proses van historiese ondersoek het daar in die loop van die 17e en 18e eeu 'n beslissende keerpunt gekom. Nie alleen het die kloof wat die hede van die verlede skei, groter en dieper blyk te wees nie, maar ook die *aard* van alle geskrewe dokumente, insluitende die Bybel, het al duideliker geword. Dit gaan hier om die ontdekking van die sogenaamde "Geschichtlichkeit" of *historiese bepaaldheid* van dié tekste. Dit beteken dat hulle produkte van hul tyd is. Hulle is nie eksakte en volledige afgietsels van hulle ontstaansituasie nie, maar verteenwoordig 'n bepaalde perspektief op hierdie werklikheid. Hoe objektief enige poging tot geskiedskrywing ook al wil wees, dit bestaan nog steeds uit 'n sekere seleksie van gegewens wat op 'n bepaalde wyse gerangskik en aangebied word. Hoe verskillend hierdie aanbieding kan wees, blyk as die werk van verskillende historici oor dieselfde gebeurtenisse met mekaar vergelyk word.
Die ontdekking van die historiese bepaaldheid van die Skrif het verreikende gevolge gehad. Dit was die beginpunt van die sogenaamde historiese kritiek, wat Bybelse tekste net soos enige ander historiese dokumente hanteer het en veral baie skepties was oor die historiese betroubaarheid van dié tekste. Teenoor die historiese kritiek is Bybelse tekste in beskerming geneem deur die apologete wat die historiese korrektheid van Bybelse gegewens tot elke prys wou verdedig. Die foutiewe veronderstelling waarvan dié apologete uitgegaan het, was dat tekste 'n spieëlbeeld van die werklikheid is en dat hul hoofdoel is om korrekte gegewens van dié werklikheid te verskaf. Dié siening van Bybelse tekste is een van die belangrikste redes waarom hierdie materiaal so verskillend uitgelê word.
Dit het lank geneem om te besef dat die Bybel nie in die eerste plek 'n historiese handboek is nie en dat die doel daarvan nie is om 'n volledige beeld te verskaf van die konteks waarin dit ontstaan het nie. Hierdie "genetic fallacy", dit wil sê die neiging om alles in terme van hulle oorsprong te verklaar, het geleidelik plek gemaak vir die besef dat Bybelse tekste in die eerste plek geloofsgetuienisse is wat op hul beurt tot geloof wil oproep (vgl Joh 20:30). Dit is dié bedoeling van die teks was as leidraad by die uitleg daarvan moet dien.
Verskille in die uitleg van Bybelse materiaal kan dus ontstaan as die historiese aard daarvan misverstaan word, of as hierdie dokumente verkeerdelik as historiese handboeke behandel word. Die oplossing is nie om hul historiese dimensie te ontken, of aan die ander kant, die Bybelse teks met volledige historiese skeptisisme te bejeën nie. Hierdie tekste moet erken word vir wat hulle is, naamlik geloofsgetuienisse wat aan die een kant alle merktekens van hul historiese ontstaansituasie dra, maar aan die ander kant nie aan die situasie gebonde is nie. Die vermoë van hierdie tekste om hulle eie ontstaan te oorleef, hang saam met die skriftelike vorm waarin hulle oorgelewer is. Oor die belangrike funksie wat die teks self (naas die skrywer en die leser) in die kommunikasieproses vervul, praat ons in 'n volgende rubriek verder. VW

*(Prof Bernard Lategan is die dekaan van die fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Stellenbosch)*

# LOSPRAATJIES

FANIE OLIVIER

## Die slag van die *padkamp*

Terwyl die magtige reklamemasjinerie van die Nasionale Party en van die ANC besig is om die indruk te wek dat daar eintlik net twee spelers in die spel is (met Inkatha se Vryheidsparty as kaatjie van die baan), is die ander groeperinge besig om hulle stadig al hoe sterker in te grawe.
Die politieke koekeloerders praat al geruime tyd oor die onvoorspelbare groei van die PAC en Azapo en die onvoorspelbaarheid van die uiteindelike lojaliteit van organisasies soos die National Union of Mineworkers en Cosatu.
Mense wat op swart kampusse rondbeweeg waar die ANC se strewe na demokrasie tog gestalte begin kry, sal jou gou vertel dat die swart bewussynsgroeperinge soos die PAC en Azapo beslis groei. By 'n onlangse gradeplegtigheid was dit byvoorbeeld opvallend om te sien hoeveel mense in die saal met die oop hand van dié bewegings gestaan het tydens die sing van die volkslied.
Azapo, die Azanian People's Organisation, met sy kreet van *Black solidarity for a socialist Azania*, meen dat die ANC die swart massas reeds uitverkoop het aan die kapitalistiese regime. Die geleidelike toegewing aan die sogenaamde gemengde ekonomie en die opskorting van die gewapende stryd is twee voorbeelde van dié verraad.
Dis oor die meedoënlose voortsetting van die gewapende stryd aan die kant van Azapo deur sy militêre vleuel Azanla (Azanian Liberation Army) dat ek dit eintlik vandag wil hê. Want as ons hulle propogandiste moet glo, word die vyand om elke hoek en draai die stryd aangesê. En gevoelige verliese toegedien.
Die Verre Noord-Transvaal is die *site of the struggle* en Potgietersrus voorlopig die spil.
Maar kom ons skets net gou die agtergrond waarteen en die terrein waarop die grootste veldslag vanjaar plaasgevind het.
Nie net die tienduisende mense wat elke naweek self tussen die PWV en die Noord-Transvaalse platteland pendel nie, maar ook al wat koerantleser en TV-kyker is, wéét dat die N1-grootpad 'n verskrikking is.
Juis die geweldige toename in minibusverkeer het die drastiese verbetering van die stuk pad anderkant die tolroete genoodsaak. Elke nugterdenkende mens sou die betekenis van dié padbouprogram kon onderstreep.
Maar nie die dapper vryheidsvegters van Azanla nie. O nee, een van hulle grootste aanslae teen die vyand was in Februarie vanjaar, lees ek, toe hulle 'n Transvaalse Provinsiale Padkamp 5km noord van Potgietersrus aangeval het.
So tussen die bosse het niemand in die kamp seker op daardie Sondagoggend verwag dat hulle 'n teiken sou word in die stryd om die bevryding van Suid-Afrika nie.
In die beriggie wat ek raaklees, word vertel dat vragmotors, trekkers, kruiptrekkers, teersproei-waens, groot hoeveelhede trekker- en vragmotorbande, dieseltenks en ander toerusting vernietig of ernstig beskadig is.
Volgens die dapper vegters was die skade etlike miljoene rand, en nie die R5 000 wat die TPA voorgegee het nie.
Die mense wat die kamp moes bewaak, is in die aanslag vasgebind en ná afloop daarvan in veiligheid gebring. Dit was duidelik, meen die skrywer, dat dit nie Azanla se begeerte was om dié wagte te beseer nie, aangesien hulle lede van die verdrukte gemeenskap uitmaak. Geen lewensverlies is gerapporteer nie en die gevegseenheid het veilig na hulle basis teruggetrek.
'n Konfrontasie minder as 'n maand later het minder gelukkig afgeloop.
In 'n kwaai geveg wat byna sewe uur geduur het, het 'n Azanla-eenheid die weermag en die polisie die stryd aangesê in Mahwelereng, 'n woonbuurt buite Potgietersrus. Pantservoertuie en helikopters is in die regime se teenaanval gebruik, maar hulle poging om die dorpsgebied volledig af te kordon, het nie geslaag nie.
Twee Azanla-guerrillas wat vasgekeer is, is doodgeskiet, maar het in die skermutseling daarin geslaag om een van die "vyand" ook te likwideer.
Wat die mense van Mahwelereng gemaak het terwyl daar sewe uur lank rondom en tussen en oor hulle geveg is, is nie mooi duidelik nie. Het hulle halsoorkop die dorp uitgevlug? Die vegtende partye toegejuig? Lidmaatskap van Azapo aanvaar?
'n Polisieman van Lebowa het wel bevestig dat daar 'n skermutseling was, maar kon oor die aard en omvang daarvan niks meer sê nie.
En so, in sleutelkonflikte waarvan ons nie eens weet nie, word die vryheidstryd daadwerklik voortgesit terwyl ander mense net daaroor praat. En nevermaaind wat die prys is wat padgebruikers dalk nog betaal voordat die pad noorde toe eendag reg is en Afrika se deure weer oopswaai. VW

*(Fanie Olivier is hoof van die Afrikaanse departement aan die Universiteit van Venda)*

(vryeke

# FILM


***** VOORTREFLIK
**** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS

**** THE FIELD
Die stuk veld langs Bull McCabe (Richard Harris - uiteindelik weer op die doek!) se huis in Ierland is vir hom heilig. Wanneer hy dit vir sy seun probeer koop en deur 'n Amerikaner gefnuik word, ontketen hy 'n reeks tragiese gebeurtenisse. Die Amerikaner is van plan om 'n pad oor die veld te bou ... Bull meen dis sondig. Kleindorpse verhaal oor plattelandse Ierland. Vol Ierse hartstog en hardkoppigheid. Tom Berenger speel die Amerikaner.
ANDREA VINASSA

*** Q & A
'n Hardgebakte polisie-storie deur Sidney Lumet. Dis gegrond op die roman van New York se eerste Spaans-Amerikaanse regter, Edwin Torres. Dis 'n siniese, maar volgens Torres heel eerlike blik op die regstelsel in Amerika waar die baantjies-vir-boeties-metode van regstelling hoogty vier. Die prent is veral belangrik danksy sy geloofwaardige uitbeelding van die semantiek van rasse-antagonisme en -haat. 'n Vreesaanjaende riller wat nie blik of bloos nie.
AV

*** WHITE PALACE
'n Totaal ongeloofwaardige liefdesverhaal vir mense wat nog in romantiese liefde glo. James Spader bou voort op sy *sex, lies and videotape*-image, maar uiteindelik wil hy nie meer 'n yuppie wees nie. Susan Sarandon speel die 43-jarige kelnerin in 'n hamburger-restaurant waarop hy verlief raak. Ietwat vervelig en oppervlakkig, omdat die tweetjies nie eintlik veel van 'n intellektuele lewe deel nie. Maar ons moenie toelaat dat ons ou vooroordele ons onderkry nie, want tussen die lakens gaan dit woes!
AV

*** LIFE AND NOTHING ELSE
Die Franse meester Bertrand Tavernier se jongste prent speel hom af twee jaar na die Eerste Wereldoorlog ... nadat 'n kwart van Frankryk verwoes is. Twee vroue uit uiteenlopende sosiale klasse soek na hul mans en daag saam by kaptein Dellaplane (Phillippe Noiret) op. Hy is die hoof van die BRITMTD ... die buro wat gestorwe of vermiste soldate opspoor. Die gevoelvolle prent handel oor die drie karakters se soms stormagtige, soms deernisvolle verhoudings.
AV



RICHARD HARRIS IS TERUG OP DIE SILWERDOEK IN THE FIELD

** HENRY AND JUNE
Philip Kaufman het gesorg vir een van die gewildste prente wat nog ooit in Suid-Afrika gedraai het ... *The Unbearable Lightness of Being.* Toe kry hy die verhaal van Henry Miller, Anais Nin en hul maatjies onder oë, maar helaas kan hy nie *Unbearable Lightness* se suksesresep herhaal nie. Die prent speel hom in Parys in 1931 en 1932 af en is gegrond op van Nin se dagboeke en Miller se outobiografiese romans. Die enigste interessante aspek van die prent is dat Richard E Grant weer sy boosaardige gesig wys.
AV

**** MISERY
Kathy Bates is 'n veteraan karakter-aktrise, maar niemand het haar nog ooit raakgesien tot sy die waansinnige groupie in Rob Reiner se gru-prent gespeel het nie. *Misery* is gegrond op 'n Steven King-roman en die draaiboek is deur William Goldman, die skrywer van onder meer *Adventures in the Screen Trade.* Hierdie is geen gewone riller vol Freddie Krugers nie. Dit handel oor die psigologiese ommeswaai van 'n geestelik versteurde vrou. Eers is sy liefdevol en koesterend, maar wanneer sy "verraai" word, verander sy in 'n bloeddorstige monster. Inderdaad 'n briljante vertolking deur Bates, wat onlangs hier was om in die rolprentweergawe van Athol Fugard se *The Road to Mecca* te speel. Dit is boeiend om te verneem dat die Oscar-mense erken dat vet vroue ook kan toneelspeel.
AV

*** THE WITCHES
'n Skitterende kinderprent met my gunsteling-aktrise, Anjelica Huston, in die hoofrol. Dit is op stuk van sake die werk van Roald Dahl, Jim Henson en Nic Roeg. Nie net vir kinders nie.
AV

* THE BONFIRE OF THE VANITIES
Die resensent van die *Times Literary Supplement* het oor Tom Wolfe deur die oë van Brian de Palma gesê: "You can't eat enough to vomit enough." Wat kan ek byvoeg?
AV

*** PACIFIC HEIGHTS
'n Heel aangename riller in die *Fatal Attraction*-genre waarin Matthew Modine en Melanie Griffith ons wys hoe goed hulle normale mense vertolk. Die prent speel hom af in die skilderagtige, "alternatiewe" San Franscisco (ons is tog so verveeld met New York en Los Angeles) waar twee verliefdes 'n duur Victoriaanse huis koop. Hulle verhuur een van die onderste kamers aan 'n walglike vent wat deur Michael Keaton gespeel word. Hy is die antitese van Batman. Hy begin hulle terroriseer. *Pacific Heights* bied eintlik 'n fassinerende blik op daardie klein jakkalsies - die stadswette wat ons in die voorstede so teister - wat gewone mense soos ek en jy tot raserny kan dryf. Die prent kan seker gesien word as 'n soort wraakoefening op die Yuppies, maar Matthew en Melanie is heeltemal te oulik om Yuppies te wees en my simpatie het by hulle gelê.
AV

** SIBLING RIVALRY
Die uitgangspunt van dié liefdeskomedie is snaaks genoeg en daar is 'n paar werklik wonderlike oomblikke van galgehumor, maar daar is min verrassings op pad na die voorspelbare einde. Die prettige Kirstie Alley lyk soos 'n geanimeerde weergawe van haarself. Effens teleurstellend.
AV

* LAMBARENI
Dié Suid-Afrikaans vervaardigde prent het verlede jaar se M-Net-Vita-prys gewen. Dit is 'n papbroekige biopic oor Albert Schweitzer met Malcolm McDowell en Susan Strasberg. Albei dié akteurs spesialiseer deesdae in rolprente wat in vreemde plekke soos Swede en Italië verfilm word. Baie atmosfeer, goeie kuns-regie, stemmingsvolle tonele, maar 'n onsamehangende eindproduk.
AV

**** AVALON
Berry Levinson se outobiografiese familie-sage is soos medisyne: dis goed vir jou, maar jy wil dit nie eintlik sluk nie. Dié skitterende draaiboekskrywer en regisseur skryf oor die verbrokkeling van die familie in die middel van die 20e eeu, oor die koms van die televisie en die verbruikersera. *Avalon* is tegelyk uiters persoonlik en universeel. Dit vermy soetsappigheid en wys jou hoe die wêreld rêrig lyk. Die prent is baie meer Europees (lank, donker, uitdagend, emosioneel uitmergelend) as wat dit Amerikaans is. Moet dit nie misloop nie.
AV

**** GREEN CARD
Gérard Depardieu se eerste Engelstalige rolprent. Na verneem word, kan dié Franse ster nie Engels praat nie en moes hy alles foneties leer! Hy speel George Faure, 'n Franse musikant wat 'n werk in Amerika aangebied word. Hy moet 'n werkpermit (groen kaart) kry en besluit om met 'n Amerikaanse burger te trou. Brontë Parrish (Andie McDowell), 'n boorling van New York, wil 'n woonstel huur wat slegs aan egpare verhuur word. Die twee gaan 'n gerieflikheidshuwelik aan, maar word weens 'n regeringsondersoek gedwing om 'n naweek saam deur te bring. Hulle stry oor alles van politiek tot koffiemaak voor hulle mekaar vind. Dis 'n romantiese komedie wat die beste van die Franse, die Amerikaanse en die Australiese rolprentwêreld bied (die regisseur is Peter Weir).
AV

**** THE RUSSIA HOUSE
Met die Koue Oorlog agter die rug sou 'n mens kon dink die behoefte aan 'n spioenasie-bedryf het afgeneem. John le Carré en ander spioene wat uit die koue ingekom het, behoort hul jobs kwyt te wees. Die prent handel oor die super-powers se behoefte om 'n vyand te vervaardig al is daar nie een nie. Dié komplekse, deurdagte, filosofies onfeilbare en ietwat langdradige spioenasieprent val tussen "ernstig" en "gewild". Tom Stoppard se serebrale gimnastiek word getemper deur 'n goeie ou liefdesverhaal. Le Carré sê op 'n vermaaklike wyse dat 'n tyd in die wêreldgeskiedenis aangebreek het waar ideologieë die individu in die steek gelaat het en om persoonlike integriteit bo alles op prys te stel, is die heldhaftigste daad. Die lefties sal nie daarvan hou nie.
AV

**** REVERSAL OF FORTUNE
Jeremy Irons verdien sy Oscar vir beste akteur in dié kil ontleding van die appèlsaak van Claus von Bulow nadat hy skuldig bevind is aan poging tot moord op sy vrou, Sonny. Soos *A Cry in the Dark*, ondersoek dié prent die verhoor van beskuldigdes deur die media. Gegrond op die boek wat Von Bulow se advokaat, Alan Dershowitz (gespeel deur Ron Silver), oor die saak geskryf het.
AV

**** MILLER'S CROSSING
Wat die vervaardigers van *Batman* en *Dick Tracy* vergeefs probeer doen het, het die broers Coen met dié stemmingsvolle, swartgallige rampokkerprent reggekry. Hulle noem dit hulle "dirty town movie". Dis een van die bes geskrewe prente wat ek vanjaar gesien het. Die dialoog is saamgeflans uit die romans van Dashiell Hammett en film noirprente van die jare dertig. Nie almal se koppie tee nie.
AV

**** AWAKENINGS
'n Onvergeetlike rolprent oor die ontembaarheid van die menslike gees. 'n Dokter laat pasiënte wat dekades lank reeds "slaap" met die toediening van 'n dwelmmiddel "ontwaak". 'n Ware verhaal, met briljante vertolkings deur Robert de Niro en Robin Williams.
LP


**** CYRANO DE BERGERAC
Uitmuntende hoge kuns wat toeganklik is vir die res van ons plebs. Gérard Depardieu lewer 'n kragtoer.
AV

**** THE NASTY GIRL
'n Duitse dorpie se Nazi-verlede word op 'n heel oorspronklike manier oopgevlek. 'n Skoolmeisie se soektog na die waarheid haal haar net konflik op die hals. Michael Verhoeven se regie spreek van hartstog en integriteit. Dié prent is vir 'n Oscar benoem.
AV

**** DANCES WITH WOLVES
Wat kan 'n mens nou sê oor 'n prent wat sewe Oscars gewen het, behalwe dat dit duidelik is dat sentiment en causes meer gewig dra as artistieke meriete.
AV

*** POSTCARDS FROM THE EDGE
'n Sensitiewe, komiese rolprent oor die liefde/haat-verhouding tussen 'n ma en 'n dogter. Shirley Maclaine is die passé komediesterma en Meryl Streep die dogter, wat sukkel om uit haar skadu te kom. Dit laat mens met 'n geloof in menslike verhoudings.
LP

*** IMPROMPTU
Die komiese verhaal van die boheemse skrywer George Sand en die komponis Fredric Chopin se ontmoeting en Sand se geduldige jag maak op Chopin. Hulle raak ondanks alles smoorverlief. Die liefdesverhaal lees soos 'n Franse klug. Judy Davis speel Sand en Hugh Grant speel Chopin.
LP




## THE SIMPSONS. EVERY MONDAY NIGHT. 7.15 PM.

Who could be funnier than the Cosby bunch? The Simpsons, of course. Except that funny is not all they are.

Look at young Bart. Basically a good kid with a few bad ideas. Spike haircut, as cool as a kid can be while still in short pants. The original rebel without a clue.

Then there's Homer, devoted husband and dad. Works as a safety inspector at the local nuclear power plant. More like his son than either of them would care to admit.

Marge Simpson. Most distinctive feature: her enormous bouffant hairstyle, complete with blue rinse. Does her best to maintain peace in the house. Not always successful.

Young Lisa Simpson. Misunderstood and underrated, the soft-spoken family genius.

And the infant of the family, Maggie. Communicates through sign language and sucking on her ever-present dummy. (Fast means nervous, slow content.)

They're weird..., wonderful... bickering... hysterically funny. They're the Simpsons. And they're for you. See them first. On Bop.

BOP TELEVISION

FOR THE PRIVILEGED FEW

50004